

# DIE END-TYD EVANGELISASIE



Dankie, Broer Orman.

Laat ons nou ons hoofde net 'n oomblik buig vir 'n woord van gebed. En terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek of daar enige hier sou wees wat 'n spesiale versoek graag bekend maak deur 'n opgesteekte hand, sou wou hê? Die Here sien hierdie dinge, is ek seker. Vertrou Hy sal dit skenk.

<sup>2</sup> Ons Hemelse Vader, ons het vanmôre vergader met geen ander doel as om die Naam van ons Here Jesus te verheerlik nie. En ons dank U dat ons alreeds Sy Teenwoordigheid gevoel het. En ons is seker dat Hy ons ontmoet, want dis Sy belofte, dat: “Waar ook al twee of meer in My Naam vergader het, daar sal Ek in hulle midde wees.” Nou, wil ons U seëninge vra, Here, op al hierdie versoeke vandag wat nou bekend is deur die opsteek van die hande. U weet wat onder daardie hand, in daardie hart was, en ek bid dat U ieder en elkeen van hulle sal antwoord.

<sup>3</sup> Ons dank U vandag vir die geleentheid om U te aanbid. Ons dank U vir 'n kerk en vir 'n mense en vir broers van soortgelyke kosbare Geloof. En nou vra ons dat U ons vandag die begeertes van ons hart sal gee, dit is, om U te dien. Voed ons met daardie verborge Manna wat U gesê het, in die Bybel, gegee was, wat weggelê was slegs vir die priesterdom alleenlik. En ons word geleer dat ons priesters van God is, geestelike offerhandes aanbied, dit is, die vrugte van ons lippe, lof gee aan Sy Naam. Nou, ons bid dat U ons sal seën in die verdere verloop van hierdie diens, die Brood van die Lewe vir ons sal breek. In Jesus se Naam. Amen.

<sup>4</sup> Ek's bly om ons groot familie vanmôre weer terug te sien, en gelukkig om hier by julle te wees. En, ook, die vreemdelinge wat vertoef in verskillende dele van die land, wat vergader saam met ons op Sondagoggend, is hier. Ons het geen denominasie nie. En ons vergader net, die mense wat in God glo, vergader saam om die Here saam te aanbid, en bied ons gebede vir God aan, maak ons belydenisse teenoor Hom. En elke Sondag en elke dag gaan ons deur 'n reiniging, dit is, reinig ons siele deur Sy Heilige Gees, van ons sondes, probeer om so godvresend te lewe soos ons weet hoe in hierdie teenswoordige tyd, sien uit na Sy verskyning te eniger tyd. Ons kyk uit daarvoor te eniger tyd.

<sup>5</sup> Nou, ons het 'n—'n groot program vandag. Ons het ons Sondagskooldienste hier vanoggend, en dan het ons vanaand 'n—'n baie spesiale program vanaand. My goeie vriend, Broer Joseph Boze, wat, hy's geen vreemdeling hier onder ons nie, maar ek glo dis omtrent die eerste keer wat hy ons ooit in die

kerk besoek het. Dis . . . Ek het altyd twee kerke gehad van die hele wêreld wat ek deurreis, wat ek altyd “modelkerke” noem, en een van hulle was Broer Joseph Boze, die Filadelfiese Kerk in Chicago, Illinois, en die ander een wat Broer Jack Moore, Shreveport, Louisiana. Ek was so baie by daardie kerke, dat wanneer ek tuiskom van sendingtogte iemand sê: “Moenie Jeffersonville bel om Broer Branham te kry nie, bel sommer Chicago. As hy nie daar is nie, wel, bel dan daar na Shreveport toe.” Ek was so dikwels daar.

<sup>6</sup> Joseph het Chicago verlaat. Dit het ons harte gebreek, eenstens, toe ons gedink het hy sou Chicago moes verlaat, maar na gebed het ons gevind dit was God wat hom roep. En hierdie vriendjie van my het nou ontvlam in ’n groot werk in Tanganjika en Kenia en Uganda, en hy doen ’n groot werk. En ons voel om hom te help ondersteun in elke opsig wat ons kan in hierdie byeenkomste. En ek beplan, as dit God se wil is, in hierdie komende Januarie, om by hom te wees in sy skole daar regdeur Afrika, soos ons voortgaan in Suid-Afrika in van sy skole af. En hy sal julle vanaand meer daarvan vertel, in sy toespraak aan die kerk. Hy sal hierdie—hierdie namiddag praat, ek skat omtrent agtuur, sodra al die voorafgaande verby is. En dan het hy ’n rolprent wat julle bly sal wees om te sien, is ek seker. En daardie rolprent is oor sy skole in Afrika, en wat die Here vir hom gedoen het sommer binne ’n kort paar jaar. Dis vir my baie bemoedigend om te wys wat . . . die rolprent te sien, want dit wys wat God kan doen met een persoon wat Sy wil en plek sal vind. Na te wag vir jare om dit te vind, dan te wandel in die weg wat God hom aangedui het. Bring die kinders saam, die eerste deel daarvan is ’n baie klein deeltjie.

<sup>7</sup> Soos julle weet, Joseph, baie van julle, het nogal ’n humorsin. En ek skat hy het gedink hy sou na sy prent kyk, toe gaan hy een aand uit en wou ’n prent neem van ’n leeu. In Afrika daar, daar’s volop leeus. Toe gaan Joseph uit en neem ’n leeu af. En ek het gedink dis die oulikste ding. Nadat die ma’s die vangs gemaak het, en hulle die—die dier geëet het, het sy die vel afgetrek. En haar klein baba welpie volg agterna, probeer optree asof sy dit weer probeer doodmaak, julle sien. En ek’s seker die jongspan sal, veronderstel ek, omtrent vyf of tien minute daarvan, geniet aan die begin van die rolprent. Nou, kom vroeg.

<sup>8</sup> En ek is nie gevra om dit te sê nie. Ek wil dit nie sê nie. Joseph weet niks daarvan nie. Maar ek dink vanaand gaan ons ons waardering vir Broer Joseph wys deur hom ’n kollekte vir sy sending oorsee te gee. Ons glo dat die Here Jesus kom. En—en as julle ’n klein sendingkollekte gespaar het, of iets vir die sendelinge, of iets wat julle graag sou, ’n bydrae daarvoor, maak julle tjek uit aan Joseph B-o-z-e, vir vanaand. B-o-z-e,

dis reg, is dit nie? Joseph Boze. En dis . . . Ek ken Broer Joseph as my boesem, persoonlike vriend, en weet dit sal vir die Koninkryk van God gaan, na beste van sy wete Daarvoor.

<sup>9</sup> En, so, voor ons verder gaan, wil ek hom graag voorstel en hom net 'n woord hier laat sê. Ek het probeer om hom die oggenddiens te laat neem, en hy wou dit nie doen nie, so hy sal vanaand om agtuur met ons praat, vir so lank as wat hy wil. En die kamera sal opgestel wees en die skerm hier, vir die rolprent. Maar tans wil ek net graag vir die kerk sê en aan die kerk voorstel my goeie vriend en broer, Joseph Boze. Broer Boze.

[Broer Boze praat en komplimenteer vir nege minute—Red.]

Dankie, Broer Joseph, dis baie gaaf. Die Here seën. [Broer Branham en Broer Joseph Boze omhels en klop mekaar op die skouer—Red.] Hierdie is 'n Sweed en Ierland, tesame. God seën jou, Broer Joseph. Dankie vir jou komplimente, Broer Joseph. Dis, ek kan dieselfde oor hom sê. So dankbaar teenoor die Here vir sy groot werk aan die gang in Afrika, en hy sal julle vanaand meer daarvoor vertel.

<sup>10</sup> En nou dink ek Billy het uitgeglip en my gesê om Broer Neville of iemand te laat aan . . . Die—die akoestiek is nie te goed agterlangs nie. Of dalk . . . Kan julle daaragter goed hoor? Nee, hulle kan nie baie goed hoor nie. Sal julle die masjien verstel?

<sup>11</sup> En ek dink, terwyl ons vir hom wag om dit te doen, dink ek my niggie, Donna, het 'n klein . . . sy en Teddy het 'n kêreltjie hier wat hulle aan die Here toegewy wil hê. En so, Donna, as jy hierdie kêreltjie nou sal bring, wel . . . En, laat ons sien, waar is die suster by die klavier, die speler, is sy teenwoordig?

<sup>12</sup> [Broer Edgar Branham sê: “Gebruik een van die mikrofone aan die kant, skat”.—Red.] Hierdie een hier? [“Dis goed.”] Goed, meneer. [“Enigeen van hulle sal tot hier kom.”] Dit sal goed wees. Goed. Ek het . . . Ek was op die verkeerde plek. Ek dink dis ek wat op die verkeerde plek was.

<sup>13</sup> Nou, ons het 'n liedjie wat ons gewoonlik teen hierdie tyd sing vir die kêreltjies, dit is: “Bring hulle in, bring die kindertjies na Jesus.” Nou in die . . .

<sup>14</sup> Baie kerke besprinkel hierdie kêreltjies, en dis in orde as hulle dit wil doen, dis doodreg wat my betref. En ander het maniere wat hulle, miskien, dat hulle dit doop noem, en as hulle dit doop wil noem, is dit in orde, wat my betref.

<sup>15</sup> Maar die Skrifte is wat ons probeer volg, net die manier wat die Bybel dit sê, bly maar net in die Skrif. Daar's geen plek in die Bybel, in die Nuwe Testament, behalwe waar hulle kindertjies na Jesus gebring en Hy hulle geseën het, en gesê het: “Laat kindertjies toe om na My toe te kom, want aan sulkes is die Koninkryk van die Hemel.” Nou, dis die manier hoe ons dit doen. Pastoor en ek staan hier, neem die kleintjie en bied gebed van toewyding aan die Here. En dan wanneer hulle is . . .

16 Ons voel dat 'n baba geen sonde het nie, nie meer as sy sonde waarin hy gebore was nie. Ons is almal in sonde gebore, gevorm in ongeregtheid, kom na die wêreld en praat leuens. En, nou, toe Jesus op Golgóta gesterf het, het Hy die sonde van die wêreld weggeneem. Dan kon die baba gebore gewees het, of, hy kon dalk gesterf het voor hy gebore was, of gebore voor hy tot die ouderdom van toerekenbaarheid kom, het hy geen sonde nie. Jesus het die sonde van die wêreld weggeneem. Maar nadat hy oud genoeg geword het en sonde begaan, dan moet hy sy sondes bely en dan word hy gedoop vir die vergifnis van sy sondes, julle sien. Maar nou, natuurlik, is hy te jonk.

17 Nou, laat ons almal hierdie goeie ou lied nou sing, ons sing nou. Ek weet nie of ek kan lei of nie.

Bring . . . in, bring hulle in,  
 Bring hulle uit die sondevelde in;  
 Bring hulle in, bring hulle in,  
 Bring die kindertjies na Jesus.

18 Wat is sy naam? Teddy, Junior. Goed, meneer. Ons is baie bly om hierdie jong paartjie vanmôre hier te sien met hierdie mooi jong Teddy hier, en bid dat God hom oorfloediglik sal seën, en hom Ewige Lewe sal gee in die wêreld wat moet kom, en 'n lang lewe hier. Kan ek hom net 'n minuut kry? Hierdie is jong Teddy Arnold. Ons almal ken vir Teddy hier, hy's ons. . . 'n broer hier by die kerk, het met my broer se dogter hier, Donna, getrou. En hulle het hierdie kêreltjie hier, 'n nuwe aankomeling. Dink dis julle tweede een. En die ander een is 'n dogtertjie, is dit nie reg nie? Hy lyk na 'n slim kêreltjie. Ek's altyd bang ek sal hulle breek as hulle so klein kom, so—so fyntjies soort van, ek net bang hulle sal breek.

19 Nou sou julle julle kon voorstel 'n moeder bring haar kleinding so na die Here Jesus? As Hy vanmôre hier was, persoon soos ons staan, sou hierdie moeder vinnig na Hom hardloop, sou wou hê Hy moet Sy hande lê op hierdie baba en hom seën. Pappa se hart sou van vreugde spring. Ons weet dat God hom aan hulle verbintenis gegee het en hulle wil hom teruggee vir God in waardering van Hom wat hom aan hulle gee. Laat ons ons hoofde buig.

20 Ons Hemelse Vader, ons probeer U voorbeeld volg. Toe die moeders en vaders hulle kindertjies na U gebring het, het U hande op hulle gelê en hulle geseën. En nou, Hemelse Vader, hierdie jong egpaar is in hulle huis geseën, met die ontvang van hierdie seuntjie, Teddy Arnold, Junior. So ons bid, Hemelse Vader, dat U seëninge rus op die kind. Ons lê ons hande op hom in herinnering aan U en U belofte aan ons, dat ons ons hande moet lê op die mens ter herinnering aan U groot Woord. Seën klein Teddy. God, ons bid dat U hom lang lewe sal gee, goeie gesondheid. Mag hy lewe om die Koms van die Here te sien, as

dit moontlik sou wees. En ons bid vir sy vader en moeder, mag hulle geseën word deur hierdie kind groot te maak. En as daar 'n môre is, maak hom 'n prediker, Here, van die Evangelie, en gee aan hom die dinge wat U belowe het vir die menslike ras, dat hy lewe, en Lewe oorvloediglik kan hê. Ons gee nou aan U, klein Teddy Arnold, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

<sup>21</sup> God seën julle. Donna en Teddy, lang lewe en baie seëninge; en vir jou, klein Teddy, want Hy het jou lief.

<sup>22</sup> O, ek dink hulle is so oulik, ek . . . klein outjies. Ek hou van alle mense, maar ek dink kinders en, dan, ou mense, wanneer jy oud word. Een of ander ou man of vrou het daar langs die weg gekom, en so swak, en ek dink hulle is maar bejammerenswaardig soort van, julle weet, en ek dink net ons moet nooit . . . Sien hulle die straat oorsteek, stop. Wat as dit jou pappa of jou moeder was? Sien? Iemand s'n, so respekteer hulle. En hulle praat miskien stadig en 'n lang tyd, en dalk dinge wat jy nie wil hoor nie, maar, onthou, jy kan ook oud word eendag, so respekteer hulle net altyd.

<sup>23</sup> En daardie kleintjies, wie sou een van hulle kon mishandel? Terloops, julle behoort dit nooit te doen nie. Weet julle, Jesus het gesê: "Pasop dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie, want hulle engele aanskou altyd My Vader se aangesig in die Hemel." Onthou hulle het 'n engel. Wanneer jy gebore word, bly dit by jou regdeur die lewe. En nou, dan wanneer jy gered word, dan het jy die Heilige Gees, en Dit lei jou en rig jou.

<sup>24</sup> En nou kyk ek reg deur die gehoor om diegene te sien wat ek ken. En, as ek dit nie mis het nie, sien ek 'n suster van Chicago hier; dit laat jou soort van tuis voel, om in Chicago verteenwoordig te word, Suster Peckinpugh en hulle almal daar langs die weg. Ons is bly vanoggend om Broer en Suster Cox hier te sien; en Charlie, Nellie soos ons hulle ken. En Rodney is hier êrens, veronderstel ek, Suster Cox. En Broer Willard Crase, een van ons broers in die bediening hier. En soveel verskillendes dat ek net skaars sou kon oorreik om hulle almal te noem.

<sup>25</sup> Bly om Broer Evans en Suster Evans daaragter te sien. Dis die man wat ek julle vertel het deur die ratelslang gebyt was, en die Here . . . Sal jy net jou hand opsteek of iets, Broer Evans, sodat hulle sou sien daarin dat—dat die . . . Ons het visgevang, en die grondratelslang het hom reg in die been gebyt. En het hande op hom gelê en vir hom gebid, en dit het nooit eens seer geword nie, of het nooit meer iets daarmee te doen gehad agterna nie. En die Bybel het gesê, julle weet: "Hulle sal duiwels uitdryf; hulle sal trap op die koppe van skerpioene en slange, en niks sal hulle skade aandoen nie; en—en hulle . . . in My Naam, hulle wat in My glo," was al die kragte en wat hulle sou doen, ensovoorts, aan ons gegee is. Dan, as julle net nie bevrees is nie!

<sup>26</sup> Wat as iemand jou 'n tjek gee en 'n naam daar onderaan geteken het, en jy dra daardie tjek in jou sak jou hele lewe lank, dit—dit sou jou van geen nut wees nie. Jy moet dit trek. So, elke belofte in die Bybel het Jesus se Naam daar onderaan geteken. Die bank van die Hemel is verantwoordelik, en die deposito is op Golgóta ingesit toe ons sondes vergewe is, ons seuns en dogters van God gemaak word. En wees gevolglik nie bang om te benut van enige gawe wat God belowe het nie. Onthou net, Hy het dit belowe, en dis joune.

<sup>27</sup> Ek het Hom die vlamme van vuur sien stop, bloed stop, die geweld van—van die duiwel uitdoof, en vyande uitwerp, en kanker genees, die dooies opwek wanneer die dokter daar gestaan het, was dood vir ure en ure, weer reg tot lewe opwek. Ek het dit gesien in my swak bediening van my, keer op keer op keer. So het ek wilde diere heeltiemal gekalmeer gesien totdat dit nie kon beweeg nie, en alle dinge. So Hy's net . . . Hy's steeds God. Hy . . . As Hy ooit God was, is Hy steeds God. En as Hy—en as Hy nooit . . . En as Hy nie God is nie, was Hy nooit God nie, want Hy sou moes wees . . . Om God te wees, sou Hy oneindig moes wees, Hy alle dinge geweet het, sou Hy almagtig moes wees, almagtig, alwetend, alomteenwoordig. En, o, Hy's maar net God! Die Vervolmaking van volmaaktheid is God.

<sup>28</sup> Nou, ek beoog nie, somtyds wanneer ek hierdie Sondagskoolklasse onderrig, is dit omtrent vieruur, Joseph. Hier 'n paar Sondae gelede, was ek ses uur hier. Ek wil julle nie bang maak nie, sien. Maar—maar ek bedoel dit nie vanoggend nie; net vyf-en-'n-half. Nee. Net hierdie . . .

<sup>29</sup> Ek kan dalk vir 'n ruk nie by julle wees nie, ons gaan Virginia toe, of na Carolina toe, en Noord- en Suid-Carolina, en dan na die Weskus, en teen die Weskus op, en in Kanada en Alaska in, en dan terug. En miskien, as die Here wil, oorgaan na Afrika en Joseph sien, en daar deurgaans weer in Suid-Afrika in.

<sup>30</sup> Ek het 'n groot byeenkoms gehad, nie lank gelede nie, in Suid-Afrika, toe dit die hele koers van Afrika verander het net in 'n paar uur, toe God, net in Sy wonderbaarlike, waar voorblad koerante die artikels gedra het, hele voor en tweede en derde blad, niks behalwe net artikels oor die dienste nie. Eers daar ingegaan het, hulle sommer duime ondertoe, hulle sou nie eens 'n man brandstof wou gee nie, omdat hy na die dienste gaan, wou dit nie aan hom verkoop nie, het gesê: “Enigeen fanaties soos daardie!” En die volgende dag, gewillig gewees om hom die brandstof verniet te gee. Sien? So net die verskil, julle sien. Ek's . . . Vind somtyds plaas. Hy het 'n klein welpie daar gestreel, weet julle, en het vir hom gesê: “Waarheen gaan jy?”

Hy het gesê: “Ek gaan daar na Johannesburg toe.”

Gesê: “O, is jy 'n sakeman?”

31 Het gesê: “Nee, ek gaan daarheen om Broer Branham te sien, die byeenkoms.”

32 Het gesê: “Wat?” Gesê: “Jy lyk na ’n meer intelligente man as dit.”

33 Hy het gesê: “Wel,” gesê: “ek’s ’n Christen. Ek gaan daarheen en daarna kyk.”

Hy het gesê: “Ry maar êrens anders en kry jou brandstof.”

34 En toe die volgende dag, het teruggekom, dit was die enigste tussen daar en die Transvaal, toe moes hy daarlangs deurgaen, en hy het gestop by die volgende stasie anderkant dié een. En daardie vent het uitgehardloop en het hom geroep, gesê: “Kom hiernatoe. Kom hiernatoe.” Die koerante het hele voorblaaie en tweede blaaie, ensovoorts, vol gehad daarvan, wat ons Here gedoen het. En ons is so dankbaar daarvoor.

35 Nou, net vir ’n klein samekomsie, enigen van julle saam, het julle vriende daar uit, ons moet nou by die Cow Palace wees. Dis ’n groot lewendehawe, werklike lewendehawe tentoonstelling op die Weskus, by South Gate. So sommige van julle kêrels soos ek, wat van gewere hou, ek gaan daar deur die Weatherby fabriek, en gaan saam met my as julle wil, as julle daarrond is. En so gaan hulle uit na baie plekke gedurende die dag, jy kan na Catalina Eiland gaan, julle weet hoe dit is. En julle manne, vroue met julle kindertjies, Disneyland. En hy’s ook een van die lede van die groep, so kom maar net saam. Julle, ek weet julle sal dit geniet. En, bo alles, bid dat God die oë van die ongelowiges sal oopmaak en bekeerlinge tot Christus sal maak.

36 Nou gaan ons net ’n paar Woorde hier uit die Bybel lees, omdat ek daarvan hou om dit te doen. En dan het ek ’n paar Skrifte hier neergeskryf, hierin, en paar notas waaroor ek graag vanmôre wil onderrig, vir ’n paar oomblikke, gedagtig aan vanaand se diens. En dan sou ek graag vir julle wou vertel wat alles gebeur het hierdie week in die private onderhoude, ensovoorts, maar ek het nie tyd nie. En ek let op party van hulle sit vanmôre hier, wat steeds wag op daardie onderhoude, van buite die stad. Ons sal probeer om by hulle uit te kom hierdie week, so gou. . . probeer om by alles te kom wat hier wag, in elk geval, voor ons vertrek.

37 Nou wil ons blaai in die Evangelies, na Markus 16, die 16de hoofstuk van Markus. En my titel vandag, hiervan, is *Die End-Tyd Evangelisasie*. En laat ons begin lees in Markus 16, omtrent die 14de vers.

*En nadat het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongelooft en hardheid van hul harte verwytt, omdat hulle dié wat Hom na Sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.*

*En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.*



*Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*

*En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,*

*En slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodelikis drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.*

*Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die Hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.*

*Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk...die woord bevestig deur tekens wat daarop gevolg het. Amen.*

<sup>38</sup> Daar is soveel wat hieroor gesê sou kon word. Dit is die laaste opdrag wat die Here die Kerk gegee het.

<sup>39</sup> Ek het toevallig hier onder gekyk. Ek probeer dink . . . Broer West, ek het 'n paar oomblikke gelede aan jou naam probeer dink, sit daar van Georgia af. En ek kon net nie dink wat jou naam was, net 'n paar oomblikke gelede nie. Die ander broer wat daar sit, ek kan nie aan sy naam dink nie. En so baie van . . . Julle verstaan, ek probeer nie verkleineer iemand te ken nie, maar hulle net . . . ek kry net nie hulle name so gevestig in my brein nie.

<sup>40</sup> Nou dink ons aan evangelisasie in die endtyd. En enigeen wat wou, sou 'n koerant kon lees, en kon lees . . . Die lug is swart en verdonker, en die wolke kom op, en—en weet dat ons gereed maak om reën te kry, kan dit in die lug voel, en sien die groot flitse in die verte, en die blits en die stoot van die wind, weet ons gaan 'n storm kry, gaan 'n reën wees binnekort. Enigeen kan 'n koerant lees en die toestande van die nasie, nasies sien, besef dat iets gereed maak om te gebeur. Wanneer jy een sien wat liggeraak is, en die ander, en hulle argumenteer, met allerhande soorte wapens ensovoorts, om mee te veg, en geen ooreenkoms nie, skop hulle skoen uit en slaan op lessenaars en alles by hulle konferensies, weet jy iets gaan gebeur. En dit bring na die mense 'n soort van 'n gevoel dat iets klaarmaak om te gebeur. Die wêreld, soos ons dit sou noem, kosmos, die buitewêreld, voel dat daar 'n komende vernietiging is, of sê soos 'n atoomtydperk maak klaar om uit te bars.

<sup>41</sup> Die Christen weet dis die Koms van die Here. Sien? Daar's 'n atmosfeer. Dit hang af van waarna jy kyk, want ons Here het ons pertinent gesê net wat gaan teen daardie tyd gebeur, en ons ken nie die minuut of uur nie, maar weet dat ons nou naderkom na iets.

<sup>42</sup> Soos ek gepraat het hier 'n ruk gelede, het 'n lam dopgehou eendag in Afrika, buitekant 'n kraal, en hy het—hy



het baie vreedsaam gewei, en ewe skielik het hy senuweeagtig geword. En ek het gewonder wat die probleem was met die kêreltjie. En julle weet 'n skaap kan nie sy weg vind terug na waar ook al hy vandaan gekom het nie, hy's heeltemal verlore. Dis waarom die Here ons met skape vergelyk, sien, wanneer ons verlore raak, is daar net een ding wat ons kan terugbring, die Herder. En hierdie kêreltjie het geblêr, en hy het uit die kraal uit gedwaal. En ek het opgelet, in die gras, ver onderkant, die kêreltjie kon dit nie sien nie. En 'n lam of 'n skaap ruik nie sy vyand soos die ander, soos 'n wildebok of so-iets nie, maar hy—hy kon aanvoel dat die dood naby was. En daar het 'n leeu nadergesluip, gemaklik gekom. Hy kon die skaap ruik, toe het hy gekom, julle sien, om die lam te kry. En die kêreltjie raak senuweeagtig, en jy kon nie sien waarom nie, maar dit was die dood wat nader gesluip het dat hy senuweeagtig geraak het.

<sup>43</sup> En die—die wêreld is juis nou in so 'n neurotiese toestand dat hulle negentig myl per uur straat-af sal ry, om in 'n bierplek te sit en drink vir twee ure voor hulle huis toe gaan. En dis 'n aanslag op . . .

<sup>44</sup> Praat met iemand, o, goeiste, hulle sal ontplof! Soos ek nou die aand by 'n tabernakel gepraat het, en oor na die hospitaal toe gaan hier om te probeer om sommige van Broer Neville se oproepe te neem. En elke keer wat ek met 'n verpleegster of 'n dokter sou praat, sou hulle jou toesnou: “Ek weet niks daarvan af nie!”

<sup>45</sup> Wel, het ek gedink: “Wat is die probleem? Almal blaas net stoom af, reken ek.” Maar, die dokter, die psigiaters dokter die psigiaters.

<sup>46</sup> So, maar daar is 'n uitweg, dis Christus. Nou, die Christen behoort nie in daardie toestand te wees nie. Ons behoort gelukkig te wees, op die Koms te wag, want dis naby. Ons kan die verkoelende bries van Golgóta voel. Wanneer ons kyk en die God van die Hemel sien Wat die belofte gemaak het, en die einste dinge wat Jesus gedoen het in Sy lewe, het belowe sou in die laaste dae terugkeer, en hier sien ons dit. Wat is dit? Dis die asem van verkwikking, soos die reën wat kom. Sien? Ons weet verlossing is naby. Sien? Iets maak klaar om te gebeur. Nou, die wêreld sien dit nie. Hulle lag daarvoor, want soos hulle in ander dae gedoen het. Maar ons weet dat dit naderkom.

<sup>47</sup> En dis waarom ek hierdie onderwerp vandag gekies het, as my laaste vir 'n ruk vir die tabernakel, oor end-tyd evangelisasie. En wanneer ons sendingwerk doen of oorsese sending, met die Woord van God, weet ons ons is altyd binne die wil van God, want Jesus se eerste opdrag aan Sy kerk was: “Gaan uit en verkondig die Evangelie.” Hierdie laaste opdrag was om die Evangelie te verkondig.

48 Die eerste keer wat Hy ooit enige persone georden het om die Woord te verkondig en die land regdeur te gaan, het Hy gesê: “Genees die siekes, wek die dooies op, dryf duiwels uit, so verniet soos julle ontvang, gee so verniet.” Matthéüs, die 10de hoofstuk, uitstuur van die sewentig, twee-twee. Dit was die eerste opdrag wat Hy aan Sy Kerk gegee het.

49 Nou, die laaste opdrag wat Hy Sy Kerk gegee het, voor Hy ontvang is daarbo in Heerlikheid, het Hy gesê: “Gaan julle in die hele wêreld in.” Hy het pas uit die dood opgestaan. En baie van hulle het saam gesit, en Hy het hulle berispe oor die hardheid van hulle hart, vanweë hulle ongelooft, wat hulle nie geglo het nie, wat Hom gesien het nadat Hy opgestaan het. Sien, hulle het ’n getuienis gehad dat hulle die Here gesien het. En die ander het dit nie geglo nie, en Hy het hulle berispe vanweë die hardheid van hulle hart. Hulle het nie daardie mense geglo, wat gesien het dat Hy nie dood was nie: “Hy lewe!”

50 Dieselfde ding vandag, wanneer julle Sy werk sien. Nou, ons het alreeds gesien en getuig van die verskyning van die Here. Nou onthou, verskyn en kom is twee verskillende woorde, om te verskyn en dan om te kom. Nou is die verskyning, Hy het alreeds verskyn in hierdie laaste dae. Net hier by ons in die laaste paar jaar. Nou, dis ’n teken van Sy Koms. Sy verskyning in Sy Kerk, in die vorm van die Heilige Gees, toon dat dit Hy is, omdat mense hierdie dinge nie kan doen wat julle die Heilige Gees sien doen nie, so dis die verskyning van die Here. Nou onthou, dit het twee plekke gespreek: “verskyning” en “koms.”

51 Nou, Hy het hulle berispe vanweë hulle hardheid van hart, omdat hulle hulle nie geglo het wat dit gesien het nie. Ek glo Hy sou dieselfde ding vandag doen. Nadat ons . . . Hulle het . . . hulle het nie die getuienis van daardie mense geglo nie, en Hy het hulle daarvoor berispe. En toe het Hy hulle opdrag gegee om in die hele wêreld in te gaan, die Evangelie aan elke skepsel te verkondig, en Hy sou met hulle wees tot die voleinding, die end van die wêreld. “Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

52 Nou, vandag, probeer ons die geskrewe Woord wat ons in lettervorm het, geloofsbedeningsvorm ensovoorts, neem na die hele wêreld. En daar het sendelinge oral heen gegaan. Maar wat vind ons wanneer ons daar kom? ’n Inboorling wat nie sy naam kan lees nie, hou ’n traktaatjie in sy hand. Hy weet nie meer daarvan af as wat hy weet watter is sy regter- of linkerhand nie. Maar Jesus het gesê: “Gaan en verkondig die Evangelie,” Hy het nooit gesê: “onderrig die Woord” nie. Hy het gesê: “Verkondig die Evangelie!” “En die Evangelie het gekom nie alleen in Woord nie, maar deur die manifestasie van die Woord,” want die enigste manier wat dit gedoen kon word, was om Sy belofte in vervulling te laat kom.

53 Een of ander ou kan dit lees soos in William Jennings Bryant, toe hy met Darrell gedebatteer het oor die etiek

van Darwin. Sien? Hy kon slegs sê wat Darwin gesê het. En William Jennings Bryant kon sê wat die Bybel gesê het. Dit was die debat. Maar, in hierdie geval, kom God tussen die mense en bewys dat Sy Woord gemanifesteer word. En die enigste manier wat jy dit kan doen, is nie met 'n traktaatjie nie, maar deur die Heilige Gees wat deur jou werk. Jou lewe word Sy lewe. Hy's in jou.

<sup>54</sup> Die heidene, toe hulle hulle afgod aanbid het, het hulle neergeval voor die afgod, en geglo dat die afgod teruggepraat het met hulle, dat god, hulle god verander het, ingekom het in hierdie afgod en teruggepraat het met hulle. Nou, dis sommer teenstrydig, omgekeerd wat God is. God handel nie met afgode nie. Jy is Sy instrument. Jy val voor God neer, en Hy kom in jou in en spreek die mense toe. Dis die verskil. Hy's die lewende God vir 'n lewende persoon, nie 'n dooie God tot 'n dooie afgod nie. Hy's 'n lewende God tot 'n lewende wese. En julle word Sy getuies, wat Hy hier gesê het.

<sup>55</sup> Dis nou, let op, baie mense sê dat dit slegs vir die apostels was. Hy het hier gesê: “Gaan julle in die hele wêreld in en verkondig hierdie Evangelie aan elke skepsel, en” (voegwoord) “vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

<sup>56</sup> Nou, vandag, sê ons 'n goeie kerkklidmaat skud hande met die pastoor, plaas sy naam oor van die Metodiste na die Baptiste, of Baptiste na die Metodiste, ofsovoorts, en leef 'n heel goeie lewe. Nou, ons sendelinge, ons sien daardie heidene lei 'n lewe wat hierdie Amerikaners, sogenaamde Christene, op geen manier mee sou kon vergelyk nie. Sien? So as slegs 'n goeie lewe al is wat tel, is hulle gered net soos die res van hulle, deur 'n afgod. Hulle sedes sou ons versmoor tot ons nie 'n kans sou hê om in hulle teenwoordigheid te staan nie, dis reg, en hulle dade nie. Maar dis nie dit nie.

<sup>57</sup> Jesus het gesê: “Julle moet wedergebore word.” Ten einde wedergebore te word, is dit jouself laat gaan en sterf, en die Gees van Christus kom in jou in. Dan is jy nie meer joune nie, dis Christus in jou, sien, die Heilige Gees. Paulus het gesê: “Ek sterf daagliks; tog leef ek, nie ek nie, maar Christus lewe in my.” Sien, Christus!

<sup>58</sup> En as ek julle vertel het die gees van John Dillinger is in my, sou ek gewere hier gehad het en 'n voëlvrye wees, omdat dit sou sy—sy gees in my gewees het. As ek julle gesê het die gees van 'n kunstenaar, sou julle verwag ek moet die prent van 'n kunstenaar skilder.

<sup>59</sup> En as ek julle sê ek is 'n Christen, en die Gees van Christus is in my, of in julle, dan doen ons die werke van Christus. Jesus het gesê, in Johannes: “Hy wat glo in My, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen.” Dan het Hy hier gesê: “Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

<sup>60</sup> Nou, deur die tye, was daar 'n tyd dat hierdie tekens nie gelowiges gevolg het nie. Dis reg. Die profeet het daarvan gespreek, en hy het daarvan gespreek daar in Sagaria, het hy gesê: “Daar sal 'n tyd kom wat nie dag of nag genoem kan word nie, maar in die aandtyd sal dit lig wees.”

<sup>61</sup> Nou, die son kom in die ooste op en sak in die weste. Dit verander nie, dis dieselfde son. Nou toe die Heilige Gees gekom het, Jesus, die Seun van God, kom Hy in die ooste, op die oosterse mense. Dis 'n dag gewees...soos dit beweeg het, soos beskawing saam met die son beweeg het, gekom van die ooste na die weste, en nou is ons by die Weskus. Gaan ons nog verder, is ons terug by oos. So, wel, alles dui Sy Koms aan. Ons is by die endtyd. Alles wys dat dit alles verby is.

<sup>62</sup> Nou, nou die profeet het gesê (En geen profesie kan, behoort privaat geïnterpreteer te word nie, soos Jesus gesê het; Dis presies net wat Dit sê.): “Dit sal lig wees in die aand.” Toe dieselfde Seun wat op die oosterse mense gekom het en Sy werke en Sy seëninge gewys het, is dit geprofeteer dat daar 'n triestige dag sou kom; nóg dag nóg nag, dis 'n somber dag, dis soos deinsigerig. En jy kan nie die son sien nie, maar die son gee nog genoeg lig. Ietwat soos dit nou daarbuite is, miskien 'n bietjie donkerder. En ons het genoeg gehad om by die kerk aan te sluit en ons naam op die boeke te sit, ensovoorts, maar in die aandtyd sou daardie groot krag van Christus op Sy Kerk kom net soos dit destyds daar op die ooste het. In die weste sou dit dieselfde wees. So dis waarom ek wil praat oor aand-tyd evangelisasie.

<sup>63</sup> Elke tydperk het sy boodskap gehad en sy boodskappers. Regdeur die tye, elke tydperk het sy boodskap gedra met 'n boodskapper. God het, in elke dispensasie, iemand uitgestuur gesalf met die Heilige Gees, om Sy Boodskap vir daardie tydperk na vore te bring, elke keer.

<sup>64</sup> Nou, ons sou kon agter begin, om dit net 'n bietjie te rugsteun. Selfs van die begin af, God was die boodskapper aan die begin, om vir Adam en Eva te sê: “Julle sal *dit* eet, maar julle moet *dit* nie doen nie.” Dit was die Boodskap. En toe die mens die Boodskap van die uur oortree het, het dit dood en chaos op die hele menslike ras gebring. Nou, dis hoeveel die Boodskap beteken. En onthou dat dit nie net maar 'n volkome direkte verwerping van wat God gesê het, was, wat Eva geglo het nie, dit was vat wat God gesê het en verdoesel dit, of—of misverstaan dit net 'n bietjie, voeg net 'n bietjie Daaraan toe, of neem 'n bietjie weg Daarvan.

<sup>65</sup> Dis waarom ek glo dat die Woord die Waarheid is. As ons geloofsbelijdenisse en ons denominasies nie volledig met die Woord kom nie, dan is dit verkeerd. En as God nie wou toelaat nie, en Sy Woord so belangrik was, om slegs een woord Daarvan verkeerd aan te haal, alles veroorsaak het, elke dood

wat ooit gebeur het, elke lyding, elke huilende baba, elke begrafnisstoet, elke graf teen die bult, elke ambulans wat ooit geloei het, elke bloed wat ooit verspil is, al die ouderdom en hongersnood en probleme wat ons gehad het, net omdat God se Woord misreken was, dit alles veroorsaak het, sal Hy dit in die endtyd verskoon as ons Dit weer misreken?

<sup>66</sup> So, julle sien, Christenskap is 'n belangrike ding. As dit hierdie hele sesduisend jaar van probleme gekos het, vanweë een Woord wat misbruik is, nou gaan ons nie terug met een ander Woord misbruik nie. Dit moet presies saam met die Woord wees, met niemand se interpretasie nie, net wat die Woord sê! So vele manne sal saamkom en hulle sê dit beteken *dit*, en hulle sal saamstem, en ander sal sê *dit*. Maar Dit sê: “Dit is Dit!”

<sup>67</sup> As God die wêreld gaan oordeel volgens die kerk, watter kerk is dit dan? As Hy dit gaan doen volgens 'n nasie, watter nasie is dit? Hy gaan die wêreld oordeel volgens die Woord, die Bybel. Want: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” Dit was Christus, was God se Woord wat vlees geword het, gespreek deur die menslike wese.

<sup>68</sup> Nou, in die Boek van Openbaring, het Hy gesê: “As iemand een Woord hieruit sal neem, of een woord Daaraan toevoeg, sal dieselfde geneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe.”

<sup>69</sup> So julle sien dis nie maar net: “Wel, ek glo *dit*, maar ek weet nie *daarvan* nie.” Jy moet Dit alles glo. Dalk het jy nie genoeg geloof om Daarvoor stand te hou nie, maar moenie in iemand anders se pad probeer staan nie.

<sup>70</sup> Ek het dikwels gesê ek wens ek het geloof gehad, wanneer my lewe verby is, om te gaan soos Henog, nie te sterf nie, maar sleg 'n namiddag-wandeling te neem en saam met God huis toe te gaan. Ek sou dit graag wou doen. Maar as ek nie daardie soort geloof het nie, sal ek nie in iemand anders se pad staan wat daardie soort geloof het nie. Sien?

<sup>71</sup> Nou, ons is in die aandtyd. En die boodskappers daar deur die tydperk . . . Ons vind uit dat in die begin toe 'n boodskappers gestuur is, om—om Sy Woord te misverstaan of om een Woord te betwyfel, dit was totale vernietiging en Ewige skeiding van God, om daardie boodskapper se Woord verkeerd op te vat. En die eerste Boodskapper was God Self. En die . . . Elke ander boodskapper was God wat deur die mens spreek, sedertdien, wat God se Woord is, want daar's dan geen mens vir Hom om deur te spreek nie, behalwe net die een met wie Hy gepraat het. Maar sedert Hy die mens gemaak het en die mens verlos het, was dit God wat deur die mens spreek. Hy gebruik nie die—die werking van—van enige meganiese toestel nie, maar die werking van die mens, 'n mens wat oorgegee en toegewy is aan God.

<sup>72</sup> Hoe sou ons dit nie kon aanbring deur die profete, en Simson, en daar deur tot hierdie einste teenwoordige tyd nie. Dit was altyd 'n indiwidu by God. Nou, elke tydperk, het ek gesê, het sy boodskap en sy boodskapper gehad. Nou vat ons 'n ander tydperk na die Eden tydperk, net om 'n bietjie agtergrond te kry. Nou, na die Eden tydperk kom die Noag tydperk. Nou toe die wêreld. . . ons het. . . ek het nou die aand daar by die Clarksville tabernakel gepraat, oor die onderwerp van die end-tyd teken. En dan nou die aand, Donderdagaand, oor om met Jesus geïdentifiseer te word. En nou vanmôre oor die end-tyd evangelis, evangelisasie, verskoon my.

<sup>73</sup> Nou, net voor die sondvloed vernietig en die vloedtyd, wel, vind ons uit dat hulle 'n groter beskawing gehad het as wat ons vandag het. Ek reken dat hulle beheer oor atoomkrag gehad het. Ek dink dis wat die aarde uit sy wentelbaan geskud het. Ek het in Britse Yselde gestaan; grawe vyfhonderd voet af, bring palms uit, waar daar vroeër palmbome daar was, en baie honderde jare gelede. En ons word geleer en weet dat die wêreld regop gestaan het. Maar, en hulle het sulke meganiese en sulke wetenskap gehad, dat hulle 'n piramide, sfinks, ensovoorts, kon bou, wat ons nie vandag sou kon reproduseer nie. Ons het geen masjienerie om daardie blokke so ver te lig nie, sien, tensy dit atomies sou wees; brandstofkrag sal dit nie doen nie en elektriese krag sal dit nie doen nie. Maar dit was 'n ander tydperk baie slimmer as ons tydperk.

<sup>74</sup> En in daardie tydperk, het God 'n man genaamd Noag geroep, sommer 'n gewone man, boer, omdat hy in sy geslag godvresend bevind is. En God het met daardie een man onderhandel om die onderwerp van "bou 'n ark," want, sonde, ons let op dat in daardie tyd dat: "Die dogters van—van die mense," het die Bybel gesê: "het gesien. . . die seuns van God het die dogters van die mense gesien."

<sup>75</sup> Het dit bespreek, waar baie van die skrywers dink dat dit seuns van God was dat die gevalle engele hulleself in geeste ingedruk het. Ek sien nie hoe 'n mens dit kan dink nie. Dit sou hom 'n skepper maak, Satan 'n skepper maak. Satan is geen skepper nie, Satan is die verdraaier van skepping, sien, alles. 'n Leuen is slegs die waarheid verkeerd vertel. 'n Egbreuk is die regte daad verkeerd gepleeg. Sien? En dis presies wat sonde is. Satan kan nie skeep nie, hy kan slegs verdraai wat klaar geskep is.

<sup>76</sup> So dit was die seuns van God, wat Set se seuns was uit afstamming van God, deur Adam; en die dogters van Kain, Satan: "En toe hulle sien hulle was mooi, skoon van aansien."

<sup>77</sup> En ons let daarin op, dat bring foto's van soos van 'n paar jaar gelede, sê 'n honderd jaar gelede, na vore, hoedat die skoonheid van vroue die skoonheid wat altyd in vroue was, verbygesteek het. As julle Génesis 6 sal lees, sal julle 'n pragtige beeld daarvan daar kry. Hulle was skoon van aansien.

En vroue is vandag baie mooier as wat hulle altyd was. Dis vanweë hulle kleredrag en hulle moderne neiging. Dis wat hulle na vore bring.

<sup>78</sup> Ek het 'n foto van Pearl White, was toe Scott Jackson haar doodgemaak het, die mes in haar bors gesteeek het, die geheime minnaar, en die groot nasie geskud is deur die lied van Pearl White. Sy was veronderstel om die allerpragtigste vrou te wees wat daar in die wêreld was in daardie dae. Wel, sy sou 'n reliek op die straat wees vandag, teenoor sommige van hierdie vroue.

<sup>79</sup> Of, gaan terug na die tyd van Clara Bowe, toe sy eerste die skandaal begin het van haar kouse af te rol tot onder haar knieë, en gesê het: “Rol hulle, meisies, rol hulle.” Ek onthou dit in my jongdae. En neem die foto van Clara Bowe en vergelyk dit met sommige van die skoonhede van vandag. Sien?

<sup>80</sup> En dis 'n teken van die endtyd. Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens.” En hulle ontklee hulle voortdurend. Wat is dit? Dogters van Kain. Dis waarom ons eksentriekes en fanatici geag word wanneer ons probeer verduidelik en die Evangelie-waarheid daarvoor vertel. Maar hulle versedeloos hulle voortdurend en kom op die strate en—en tree op soos hulle maak, en besef nie dat hulle sal moet antwoord op die Oordeelsdag nie. Nou, die vrou wat haarself verkeerd aantrek, wulps, en kan wees dat jy so rein soos 'n lelie mag wees teenoor jou man, of teenoor jou liefling, jou kêrel, maar wanneer die sondaar in die straat verbygaan en na jou kyk en jy is op daardie manier geklee, sal hy jou wellustig begeer omdat jy jouself op daardie manier vir hom aangebied het.

<sup>81</sup> Dit is nie die kinders wat die pak slae nodig het nie, dis pappa en mamma, wat hulle toelaat om so te maak. Dit, dis nie jeugmisdaad nie, dis ouermisdaad. En ek dink 'n klomp preekstoelmisdaad, want hulle laat hulle sommer net wegkom en sê niks daarvoor nie, wanneer dit daar in die Woord is.

<sup>82</sup> Nou, nou die Bybel, Jesus het gesê: “Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het,” verlede tyd: “alreeds egbreuk gepleeg met haar in sy hart.” En wanneer daardie sondaar na die oordeel gaan om verantwoording te moet doen vir 'n egbreuk, sal dit terugspring: “Met wie het jy dit gepleeg?” Met jou! Al het jy nooit die daad verrig nie, maar die Bybel het gesê jy's skuldig, in elk geval. Wie moet dan geblameer word? “Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.” Die erns daarvan!

<sup>83</sup> In Jeffersonville vandag, is daar nege-en-negentig en nege-en-negentig tiendes persent van die vroue skuldig voor God. Die hele nasie is so. Waarom? Die versuim in die



preekstoel, om die mense te sê; en die versuim in die huis, laat die jong dames op straat kom en so optree. En hulle noem dit: “in orde.”

<sup>84</sup> Nou, dis presies waarmee Noag te doen gehad het in sy dag. Die dogters van die mens was skoon van aansien, en die seuns van God het na hulle gekyk. Sien, die wellus kom weer. Maar Noag, o, ons sou vir ure daar kon bly. Maar Noag was ’n man van geregtigheid, godvresend, integriteit, en hy het teen sodanige uitgeroep. En hulle het hom ’n mal mens genoem. Spotters, het die Bybel gesê, dat hulle hom bespot het, hom uitgelag het. Maar hy het gesê: “Daar kom ’n tyd dat ’n storm, water gaan uit die lug val.” Daar was nooit enige reën gewees nie. En sy Evangelie het nie stand gehou voor hulle wetenskaplike teorieë van daardie dag nie, want daar was geen reën in die lug nie.

<sup>85</sup> En, vandag, het die wetenskaplike teorie van die moderne sogenaamde godsdienstige groep probeer om te bewys dat hierdie geseënde Ding wat ons het, naamlik die Heilige Gees, slegs emosie is. Sien, dit hou net nie stand volgens hulle wetenskaplike teorie nie. Wel, ek wil hulle graag dit vra, wat laat hulle verander? Wat laat die dronklap ophou drink? Wat laat die prostituut haar bouse lewe staak? Wat laat die kanker en die—die siektes van die mense af weggaan, en die dowes, stommes, en blindes, en die dooies om op te staan? Verduidelik dit. Is dit emosie? Dit bring emosie mee, sekerlik.

<sup>86</sup> Enigiets wat lewe, het emosie, en enigiets wat nie emosie het nie, is dood. Verskoon die uitdrukking, maar ek dink ons behoort sommige van ons emosielose godsdienste dan te begrawe, want dis dood. Dit het geen emosie daaraan nie. Enige godsdienste wat nie emosie het nie, behoort begrawe te word, want, Dit is emosioneel!

<sup>87</sup> Jesus, toe Hy die stad binnegegaan het, die kinders en hulle almal, al Sy vriende, het uitgeroep: “Hosanna! Hy wat kom in die Naam van die Here!” En daardie godsdienstiges van daardie dag kon dit nie verdra nie, dit was te emosioneel. Hy het gesê: “As hulle sou swyg, sal die klippe dadelik uitroep.” Sien? Iets wat uitroep, omdat daar lewe was.

Noag het ’n vreeslike tyd beleef, maar uiteindelik het hy eendag ’n beproewing gehad.

<sup>88</sup> En almal wat met God saamgaan, het beproewinge, jou geloof word beproef. Wanneer jy vir Hom begin lewe, dan gaan al die bure oor jou praat, alles gaan vir jou verkeerd loop. Onthou dit maar, want dis God wat jou beproef. Die Bybel het gesê: “Elke seun wat na God toe kom, moet eers bewys word, gekasty, kinderopvoeding.” Soos my pappie my geleer het, as ek verkeerd gedoen het, hulle het—hulle het die—die tien geboeie bokant die deur gehang gehad, dit was ’n lat omtrent so lank; en

Mnr. Branham was 'n heel goeie man wat sy arm betref, en hy het ons uitgevat en ons geleer. En dis hoe God maak. Hy beproef, leer jou soos 'n kind, maak jou groot, omdat jy Sy kind is; daar's iets in die toekoms vir jou, tuiste in Heerlikheid. En Hy leer jou. Nou, elke seun wat kom, moet beproef word.

<sup>89</sup> Noag, nou 'n tipe van sy dispensasie, het 'n beproewing gehad, omdat God hom aangesê het om in die ark in te gaan, en toe hy in die ark ingegaan het, het die deur vanself gesluit. En Noag het ongetwyfeld vir sy familie gesê: "Hou dop, môre. O, die deur het vanaand toegegaan, maar môre-oggend sal daar reën wees daar bo in die lug." Was nooit tevore nie, onthou.

<sup>90</sup> En die spotters, sommige van hulle dalk halfpad gelowiges, het gesê: "Laat ons daar gaan staan. Julle weet, daardie ou man kon reg gewees het." Hulle het rondom die ark gestaan, gewag, julle weet, en gedink: "Wel, nou, hy kon reg gewees het." En hulle is soontoe. En die volgende oggend, het die son net so mooi opgekom, oorgekom.

<sup>91</sup> Weet julle, en sonder twyfel het Satan daar gesit bo daardie gat in die ark, daardie venster, gesê: "Jy dink jy's steeds reg?" Wel, dis hoe die duiwel maak met ons almal. Maar solank as wat God so gesê het, bly Daarby! Dit maak nie saak wat nie, bly net Daarby.

<sup>92</sup> Die tweede dag het omgegaan, die derde dag is verby. Noag het dit uitgesweet. Maar, uiteindelik, na sewe dae! En dit was in Februarie die 17de toe hy ingegaan het. En toe na sewe dae, toe hy toe wakker geword het, daardie oggend, het die dondervlae gedreun, het yslike groot druppels reën oral rond geval. Hulle wat aangekom het en 'n dag of twee gebly het om uit te vind, sê: "Wel, ons sal gaan en kyk of enigiets gebeur," dit was toe te laat. Hulle het geklop en geskreeu. Die strate word vol water, begin styg teen die heuwels op. Mense het na die hooglande gevlug. Hulle het hulle op bote probeer kry, ensovoorts, maar as die boot nie God-geboude was nie, het die groot magtige skudding van die aarde op daardie tydstip dit sommer reg onder die water in geskud.

<sup>93</sup> Julle sê: "Enige! Net sodat ek 'n godsdiens het, dit sal in orde wees." Nee, dit is nie. Dit moet 'n God-geboude ondervinding in godsdiens wees. Sien? Alle ander sal vergaan. Ek sê dit nie om anders te wees nie. Ek sê dit slegs vanweë liefde, en in die wete dat ek—ek sal moet gaan verantwoord op daardie dag, en verantwoordelik. So as ek slegs sê wat Hy sê, dan weet ek dis in orde. Maar as ek iemand se geloofsbelofte of teorie daarin probeer sit, ek—ek sou dit nie kon doen nie, ek het geen geloof daarin nie. Ek glo net wat Hy gesê het.

<sup>94</sup> Nou let op, na 'n ruk het dit dieper geword, en tot die hoogste. Hulle het aan die deur geklop, hulle het geskreeu, hulle het gehuil. Dit het nie die minste goed gedoen nie.

Miskien 'n paar dae vantevore, toe hulle die diere daarin gesit het, sou ek sommige van die spotters kon hoor sê: “Gaan voort daarin met julle stinkende diere. Lewe met al julle stank daarbinne as julle wil.”

<sup>95</sup> Dis net soos vandag, hulle sê jou dieselfde ding. “Gaan voort, wees oudmodies as jy wil. Ons gaan dit beleef.” Gaan voort, laat dit gaan. Maar, o, broer, om veilig in die Ark te wees, die deur gesluit! Dit, dis die ding.

<sup>96</sup> Maar Noag, in sy dag, dit was moeilik vir hom in sy dispensasie, sien, omdat die mense nog nooit van so 'n ding gehoor het nie, maar dit het nietemin gekom. Dan vind ons uit op die toneel, kom na Noag se verlossing ensovoorts, en die aarde begin weer groei, en—en alles wat asem gehaal het, het vergaan. En dan vind ons weer uit dat daar 'n tyd kom, dan, God was Sy kinders aan die uitbring uit Egipte, dat Moses aankom met die wet. Dit was so swaar vir die mense om te verstaan, maar 'n dispensasie was aan die verander na 'n wet. En dan nadat die wet gekom het, probeer Moses. . . Dit was 'n skoolmeester. Mense het gelewe somer net soos hulle wou, so die skoolmeester, die wet was, so het die Bybel gesê, om die mense te laat beseft dat dit verkeerd was, toe het Hy hulle die Tien Gebooie gegee. Dit was 'n hele verandering, die mense wou dit nie ontvang nie. Goed.

<sup>97</sup> Dan na Moses, kom Johannes. En na Johannes, kom die dispensasie, hy het Jesus bekend gestel. En toe Jesus gekom het, om ons genade te probeer bring, wat God in die Gees was, in die lyn van Gees, het Sy liefde gemanifesteer: “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het,” en Jesus was so anders en teenstrydig met die wet, sien, maar dit was 'n ander dispensasie, 'n ander tyd.

<sup>98</sup> En toe toe Jesus weggegaan het, het Hy gespreek van hierdie dispensasie van die Heilige Gees, die Lewe binnekant, 'n Getuie van Hom van die opstanding. Ek het klompe Skrifte hier, maar ek het net nie tyd om by hulle uit te kom nie. Ek sal net kortliks oor hulle gaan. Goed. Dit was altyd 'n feit en 'n—'n geveg, wanneer een dispensasie verander van 'n ou dispensasie na 'n eietydse Boodskap, was dit altyd 'n geveg met die mense. Hulle—hulle. . . Dis, alhoewel dit altyd Skriftuurlik was. Maar gedurende die tyd dat God hulle 'n dispensasie gee en iets om volgens te lewe, of iets om te doen. Nou vind ons uit dat onmiddellik nadat daardie dispensasie gegee is, probeer die mense van die aarde iets vind om dit teen te werk, en iets om 'n mensgemaakte affêre daarvan te maak.

<sup>99</sup> Nadat Noag die ark gehad het, en dan onmiddellik daarna, het Nimrod, daardie afvallige, het hy 'n toring gebou, en gesê: “As die vloede sou kom, sal ons maar net opklim en bokant dit kom.” En dan kom God aan met die wet wat net. . . Sien, daardie dispensasie het sy tyd uitgeleef.

<sup>100</sup> En toe Jesus gekom het, ook, na die wet, die wet het gesprek van Moses en . . . gesprek van die koms van Christus. Maar toe Hy gekom het, was hulle so gevestig in tradisies van die vaders, hulle het hulle geloofsbelydenisse gehad, hulle het hulle modes gehad, hulle het hulle kerke gehad, hulle was gevestig, so dit was moeilik vir Jesus om daardie koninkryk (daardie kerk) te probeer skud van 'n geloofsbelydenis af om Hom te glo. En tog het die Skrifte veral gesprek van hierdie Een die hele pad van die eerste dispensasie van Eden af: "Sy Saad sal die slang se kop verbrysel." Het Jesus belowe deur elkeen van die dispensasies, en, toe Hy kom, het hulle Hom nie herken nie, omdat hulle so gebonde was in hulle geloofsbelydenis. Maar tog was dit die Skriftuurlike waarheid. Elke boodskapper en Sy Boodschap het die een om te volg, voorspel, elke keer. Moses, die profete het voorspel, Moses het die koms van Jesus voorspel. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek laat opstaan." Hoe dikwels was ons nie daardeur in ons Boodsappe regom die wêreld, dat die komende Messias 'n Profeet sou wees nie!

<sup>101</sup> Dis waarom die vrou met die slegte naam, teen al die predikers, sy die Boodschap geglo het. Die vrou by Samaria, toe Jesus met haar gepraat het, het Hy gesê: "Bring vir My iets om te drink."

<sup>102</sup> Sy het gesê: "U het niks om mee te skep nie. Dis nie gebruiklik dat U my, 'n Samaritaanse vrou, vra nie." En die gesprek het voortgegaan.

Toe het Hy gesê: "Gaan haal jou man, en kom hierheen."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

<sup>103</sup> Het gesê: "Dis reg, jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamlewe, is nie joune nie."

<sup>104</sup> Sy het gesê: "Meneer, ek merk op dat U 'n Profeet is. Nou, ons weet daar kom 'n verandering van dispensasie. Daar kom Een Wat gesalf gaan wees, wat die Messias genoem word, die Christus van God, en wanneer Hy kom, sal Hy daardie Profeet wees." Hoeveel meer het daardie vrou nie geweet as al die predikers van daardie dag nie! Ja. En sy in haar toestand, sien, sy het die Skrif verstaan. Tog, 'n arme vroutjie, getroud met vyf mans, en lewe saam met die sesde een, en tog het sy meer geweet van die Skrifte, omdat sy Dit slegs op Sy sigwaarde geneem het. En sy het gesê: "Wanneer Hy kom, sal Hy 'n Profeet wees."

Wat het Jesus vir haar gesê? "Ek is Hy."

<sup>105</sup> En sy het haar waterkruik agtergelaat en in die stad ingehardloop, gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge gesê het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" Sien? Dis Hy.

<sup>106</sup> Nou, sien, sy—sy het geweet dat Hy sou kom, omdat die profete en die Skrifte, in die dae van Moses, en die dae van

die profete, en die hele pad destyds in elkeen van daardie dispensasies, gesê het: “Hy sal hier wees, en dit is wat Hy sal wees!” O, goeiste!

<sup>107</sup> As die mense dit maar net vandag kon sien, sou hulle die dag herken waarin ons lewe. Hulle sou sien dis God se belofte vir hierdie dag. God het gesê dit sou so wees. Daar’s niks verkeerd nie, God se groot horlosie tik net presies die regte tyd. En, selfs volgens die wetenskap, is dit drie minute voor middernag. So, julle sien, die slag kan enige oomblik kom. En dit was twee of drie jaar gelede sedert hulle dit gesê het. Sien, ons is by die endtyd. Maar, julle sien, ons het dispensasies verander van die ou kerkeu van destyds hier waar daardie droewige dag was, sluit net by ’n kerk aan en plaas jou naam op die boek; tot die Aandlig, die herstel, die terugkeer van die Heilige Gees op die aarde, ’n ander pinkster, ander teken, ander ding sou plaasvind. En die mense glo Dit nie, omdat hulle so gevestig is soos hulle was in die dae van Jesus. Sien? Hy het vertel van hierdie dag. Toe Hy hier op aarde was, Hy gekom het presies volgens die Skrif; toe het Hy voorspel van *hierdie* dag wat kom.

<sup>108</sup> Nou, nou wil ons hier dink aan ’n ander een. Ek het. . . As julle deel daarvan wil lees, Mattheüs 24. Jesus het van hierdie dag vertel, Hy het gesê die Jode sou weer vergader op die laaste dag. Hy het gesê: “Wanneer julle die vyeboom sy botsels sien voortbring, weet dan die tyd is op hande.” Hy het gesê: “Daar sal ’n verwarring van tyd wees, onmin tussen nasies, die see wat dreun, mans faal weens hartprobleme, voortdurend.” Dis nou nie onder die vroue nie. Dis onder die mans. Jesus het nooit gesê die vroue nie; “mans.” Kyk na die plaag! En in daardie dag wat vervul sou word! Dit sal die end-tyd teken wees: “Harte faal, vrees, verward.” Openbaring, toe Dit gespreek het, die profeet praat oor hierdie dag, het hy gesê dat daar ’n tyd sou kom dat die kerk louwarm sou wees, die Laodicése Kerkeu in die laaste dae. Sien? Wat is dit? Dis Jesus (die laaste eeu) wat die einde van hierdie eeu voorspel.

<sup>109</sup> Net presies soos in Eden, soos daar in Noag se tyd, en daar in die tyd van Moses, daar in die tyd van die wet—wet, en dan ’n tyd van genade, en nou in die aandtyd. Daar’s baie ander daar as ons—ons tyd gehad het, maar ek het hulle sommer oorgeslaan, omdat ons nie tyd sal hê nie. Van elkeen wat sê wat in die volgende tydperk sou wees, maar die kerk raak so kerkagtig met hulle geloofsbelydenisse, met hulle dogmas, en hulle skyngelowe en hulle mensgemaakte teorieë, totdat hulle daardie Woord mis. Nou kan julle sien wat aand-tyd evangelisasie gaan wees. Sien? Wat is dit? Diegene wat Dit dra, gaan gek genoem word. Hulle sal so anders wees! Hulle was in Noag se tyd, hulle was in elke tyd. Uitgesit uit hulle kerke omdat hulle in Jesus geglo het, ingeen wat na Hom geluister

het, moes uit hulle kerk geëkskommuniseer word. Sien? Maar Hy het daardie dispensasie gehad, dit was Sy tyd, die Seun se dispensasie.

<sup>110</sup> Nou, ons vind ook uit dat die groot Heilige Gees daarvan geprofeteer het. Julle wil sommige van hierdie Skrifte aanteken, Matthéus 24, en skryf dan Twee Timóthéus 3:1. Die Heilige Gees spreek van 'n groot intellektuele tydperk in die endtyd. Het julle dit geweet? Waarom is dit?

<sup>111</sup> Joseph, jy't baie saam met my gereis hier in die nasie en jy't van die dienste oorsee gehoor. Ek gaan oorsee en het 'n honderd-en-vyftig, tweehonderdduisend, vyfhonderdduisend, en die mense somer... Net een ding, wat julle elke dag gedoen sien, wat die dienste voortgaan, byna, hier in die tabernakel; tot tien-, twintig- en dertigduisend sal op hulle voete val... van hulle voete val, om God lof te gee. Hulle sien Dit. Wat is die probleem, vind nie in Amerika plaas nie? Dis die intellektuele tyd. Hulle wil iemand hê wat kan praat nie oor oordeel nie, nie oor hierdie dinge nie, want dit breek hulle los van hulle gemeenskap met hulle klubs en—en hulle losies, en—en die goddelose dinge waaraan hulle behoort. Gevolglik, as hulle pastoor so-iets sou sê, sal die diakenraad hom laat uitkop, en iemand anders in sy plek sit, een of ander jong “ricky” of so-iets. Julle weet wat ek bedoel.

<sup>112</sup> Verskoon daardie, sien, ek—ek het dit nie bedoel nie, sien, maar ek raak partykeer oor-entoesiasies, skat ek. Maar ek bedoel... “Ricky” is in orde. Ek hou net nie van die naam nie, dis reg. Maar slaan jy dit na in die getalleleer, sal jy jou kind hernoem. Ja, meneer. Nou, Ricky of Elvis, of so-iets, o, genade! So, o, in elk geval, nou, sien julle hulle moet. Hulle het in die verlede nie daardie name gehad nie, dit moes kom. Hierdie is die tydperk daarvoor om hier te wees. Sekerlik. Presies reg.

<sup>113</sup> Nou: “En nou sê die Gees.” Nou luister, ek haal vir julle aan uit die Skrif.

*Nou die Gees spreek uitdruklik, dat in die laaste tyd, sien, laaste tyd sommige sal afdwaal van die geloof, gehoor gee aan verleidende gesindhede, . . . leerstellings van duiwels; ensovoorts, sien.*

<sup>114</sup> Kyk hoe hulle sou wees: “Roekeloos, verwaand,” groot kanonne. Verskoon dit, maar julle weet wat ons die groot kannon noem, die straatuitdrukking nou. Ons almal ken dit beter om dit so te sê. “Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot, as liefhebbers van God.”

<sup>115</sup> Ek het gister daar gestaan, gekyk na daardie swembad reg onder ons. En, ek het gewonder, toe 'n man wat 'n Sondagskoolonderwyser is, vir my gesê het: “Dit behoort nie in

die Bybel te wees, waar Jesus gespoeg het nie.” Het gesê: “Dis teen die sanitasiereëls toe Jesus gespoeg en gemaak het, Sy spuug gevat het.”

<sup>116</sup> Hy het gestaan, gepraat, die oorspronklike Grieks het gesê: “Hy het op die grond gespuug.” Het gepraat met hierdie man, en gespuug op die grond. Toe Hy klaar was, het Hy Sy hand gevat, afgebuk, die spuug opgetel saam met die grond en dit op sy oë gevryf, en dit op sy oë gewas en gesê: “Gaan, was jou in die poel van Siloam (gestuur) en jou oë sal oopgaan.” En hy het gegaan en gewas, sy oë het oopgegaan.

<sup>117</sup> Toe het hierdie kêrel vir my gesê: “Dit sou nie vandag gewerk het nie. Dis teen die sanitasiereëls, gesondheidsreëls.” En dan neem daardie selfde man sy familie, vrou en al daardie kinders daarheen na daardie swembad waar al daardie vroue en mans, en in daardie water op tye van die maand dat hulle nie in behoort te wees nie, en dit alles. Hulle gaan soms nooit in die ruskamers in nie, en—en al daardie vuil liggame en vullis daarin, en hulle spuit dit deur hulle mond, en oë, en sulke dinge. En dan sê dat Jesus wat op die grond spuug en ’n man laat sien!

<sup>118</sup> Ek het ’n seuntjie daarvandaan gebring nou die dag, hy het gesê: “Ek het van daardie water gesluk,” gesê: “ek’s so siek soos ’n perd. Ek—ek gaan huis toe.” Die kêreltjie sit dalk hier, wat in ’n sleepwa woon omtrent twee of drie blokke straat-af, waarheen ek hom geneem het, het gesê: “Ek sal nooit weer daarin gaan nie.”

<sup>119</sup> Maar tog word dit genoem “moderne beskawing.” Sien waarby kom jy uit? Die ou gesegde van “brom oor ’n muggie en sluk ’n kameel in,” sien. Ek’s net angstig om hom nou te ontmoet. Nou, daar is jy. Bly liever weg van daardie dinge, sien.

<sup>120</sup> ’n Intellektueel, “roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot, as liefhebbers van God.” Ek haal Skrif aan. Die Heilige Gees spreek uitdruklik dat dit sou plaasvind in die endtyd. “Roekeloos, verwaand, met ’n gedaante van god- . . .” Wel, eerstens: “Hulle sal wees bandeloos, en veragters van hulle wat reg is,” hater van hulle wat die Woord glo. Sien hulle? Hulle stem nie saam met hierdie tradisionele geloofsbelydenisse en dinge nie, so hulle haat hulle.

<sup>121</sup> Soos daardie Fariseërs en Sadduseërs, hulle het Jesus gehaat. Waarom? Omdat Hy was—Hy hulle geloofsbelydenis weerspreek het. Sien? Nie dat Hy anders wou wees nie, maar, Hy moes lewe, Hy was die Woord, die lewende Woord wat leef. Hy het gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie.” Sien?

<sup>122</sup> Wel, dieselfde ding is vandag. As ’n man hierdie dinge verkondig, en dit gebeur nie, dan is dit verkeerd, want die Skrif het gesê dit sou gebeur. As dit dan wel gebeur, dan is dit reg; nie die man is reg nie, maar die Woord is reg. Nou, maar



dit is die toestand waarin ons vandag geraak het. Sien julle, vriende, dis net so redelik. Sien julle dit? Ek bou hier op om julle die klimaks te wys hier by die end-tyd evangelisasie.

<sup>123</sup> Let nou op in hierdie tye, intellektuele eeu: “Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot, as liefhebbers van God,” bly tuis op Woensdagaand om een of ander van daardie vulgêre dramas te kyk: “We Love Susie” of “Lucy,” of watter goed dit alles is, vrou ’n dosyn maal getroud en lewe saam met mans, en hulle leef. . . En, o, goeiste, elkeen van hulle getroud en geskei, en trou en skei, en julle maak van hulle afgode, soos gode. Maar julle sou liever bly en daarna kyk as om die biduur by te woon. “Meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God.” Laat ’n bofbalwedstryd stad toe kom, of die “Colonels” en “Giants” of wat dit ook al was wat toevallig hier êrens ontmoet, maak hulle die kerke toe om dit te kan bywoon. Laat Elvis Presley hier in die straat af kom, met sy kitaar, en dit heen en weer gaan swaai, of sommige van daardie kêrels, op ’n Woensdagaand, sou die biduur toe wees. “Meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God. Roekeloos, verwaand, bandeloos, wreed, en veragters van hulle wat goed is. Wat ’n gedaante van godsaligheid het!”

Julle sê: “Hulle is Kommuniste.” Nee, hulle is nie.

<sup>124</sup> Hulle is kerklidmate, met ’n gedaante van godsaligheid. Maar wat? Ontken die Krag daarvan! Het ’n gedaante van God, maar sê: “God doen nie hierdie dinge nie. Sien, daar’s geen Krag verbonde nie, jy aanvaar net en doen *dit, dat.*” Sien, geen verandering van lewe nie, dis net—net aan die kerk behoort.

<sup>125</sup> “Met ’n gedaante van godsaligheid, maar ontken die Krag daarvan. Keer jou van hierdie mense af,” het die Bybel gesê. “Want dit is die soort wat van huis tot huis gaan en arme vroue, belaaï met sondes, deur allerhande begeerlikhede gedryf, verlei. Dis presies wat die Bybel gesê het. Nou lewe ons in presies daardie tydperk. “Maar doen jy die werk van ’n evangelis, maak ten volle gebruik van jou bediening.” Sien, dis dit.

<sup>126</sup> Nou, deur hierdie boodskappers en getuies wat ons sien, vind ons uit in watter oes ons is. Kyk in watter oes jy vanmôre is. Kyk in watter oes ons is. Wel, Hy het gesê, aan *hierdie* kant, sal hierdie tekens hulle volg wat glo, hulle sal bespot en uitgelag word soos die dae van Noag. En *hier* sal hierdie ander groep hieragter met hulle kom spot, roekeloos, verwaand, en met ’n gedaante van godsaligheid, en verloën die einste ding waarvan jy getuig. So jy kan—jy kan sien in watter oes jy is, sien, hierdie ware boodskappers van vandag! Jesus het voorspel dat *dit* Satan sou wees met sy boodskap. En Sy boodskapper sou *hierdie* aan die gang hê, vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Sien, Satan se boodskappers sou ’n gedaante van godsaligheid hê. Sy boodskappers sou hierdie tekens hê, slange optel, dodelike dinge drink, duiwels uitdryf,

hande op die siekes lê, die doop van die Heilige Gees ontvang, tekens en wonderwerke. Nou ons is in een van die oeste, en ons is by die endtyd. O, goeiste!

<sup>127</sup> Geen wonder Jesaja die profeet het gesê: “Die hele liggaam is verkanker en vol etterende sere, alles,” nie. Waarheen sou ons kon gaan? Wat sal ons doen as ons almal sou saamsmelt? Dit sou dit erger as ooit maak, sien, daar sou allerhande soorte dinge wees. Soos hulle probeer die—die Wêreldraad van Kerke, dit sal nooit werk nie, hulle het ateïste, ongelowiges. “En hoe kan—hoe kan twee saamloop,” het die Bybel gesê: “tensy hulle saamstem?” Sien? En daar’s nie enige twee van hulle wat saamstem nie.

<sup>128</sup> Verlossing is ’n individuele saak tussen, nie ’n kerk nie, maar tussen elke individu en God. Wandel met die Woord! Ja. Kyk, broer, soos ons sien. En ek weet ek raak vreeslik laat.

<sup>129</sup> Let op, die groot flitsende rooi-lig-teken van Sy Koms is daar. Ons weet dit. Ek sou sommer baie Skrifte hier kon neem wat ek neergeskryf het om julle te wys, wat, ons by die endtyd is. Die Jode het teruggekeer na Palestina, die vyeboom het sy botsels voortgebring. Manne se harte faal weens vrees. Die vroue, hoe hulle tekere gaan, hoe sou ek in Openbaring kon teruggaan en julle wys hierdie nasie is gekenmerk deur vroue, vrou se getal, nommer dertien. Ons het, vir ’n begin, dertien kolonies, dertien strepe, dertien alles, dertien state, alles, dertien, dertien sterre op die dollar, alles is dertien en ’n vrou.

<sup>130</sup> Toe ek nie lank gelede nie, in Switserland gestaan het, en ek gesels het. ’n Vrou het gesê: “Ek, ons wil na Amerika toe kom sodat ons die vryheid kan hê soos die vroue daar.” Ek het hulle vertel wat hulle gedoen het. “Nee,” het hulle gesê: “ons wil dit dan nie hê nie.” Sien? Sien?

<sup>131</sup> Maar dis Amerika. Ons sou kon teruggaan en dit net hier aanwys, dat dit veronderstel is om in hierdie nasie te wees wat opkom waar daar geen waters is nie, geen mense nie. Kom op soos ’n lam, het twee klein horinkies, burgerlike en kerklike mag, maar hulle verenig saam deur politieke magte, ’n nuwe President het ons, bring Rome weer in.

<sup>132</sup> Ek wil hê enigeen moet my sê, enige teoloog hier of enige ander plek, waar die Bybel ooit voorspel dat Kommunisme die wêreld sal regeer. Julle moenie Kommunisme vrees nie, daar’s niks daaraan nie. Dis ’n valse ding wat God gebruik om die nasies daarmee te kasty, die nasie te kasty. Sekerlik. Die Bybel sê Rome sal die wêreld oorheers. Kyk na Koning Nebukadnésar, sy droom, sy visioen, Daniël se interpretasie, toe elkeen van daardie koninkryke en dispensasies net volmaak getref het, en reg tot aan die einde was daar Rome. So dit gaan Rome wees. Dit gaan nie Kommunisme wees nie, hulle is net—hulle is net strooioppe. Dis al. Hulle sal nooit nêrens kom nie. Nee, hulle sal nie.

133 Soos Joseph pas gesê het: “Die hart van Afrika, daardie arme heidene daar, moenie oorheers word nie. Hulle was alreeds oorheers.” Dis wat vandag die probleem is met hulle, hulle was oorheers. Hulle wil liefde hê, hulle wil God hê. En wanneer Kommunisme goddeloos is, dan sal hulle dit nooit aanvaar nie. Sekerlik, vir seker nie.

134 Die rooi lig flits. Die sinjaal is af. Sy koms is op hande. O, goeiste! Jesaja, die 60ste hoofstuk en die 2de vers, het gesê: “Duisternis sal die aarde oordek en groot donkerheid die volke oordek.” En dis presies reg.

135 Die end-tyd boodskapper en Boodskap behoort te pas by end-tyd toestande. Dink julle nie so nie? Hierdie Boodskap sou nie veertig jaar gelede verkondig kon gewees het nie. Nee, die end-tyd Boodskap en boodskapper moet bymekaar kom. Destyds in daardie dae wat hulle gehad het, sou dit waarskynlik nie gewerk het nie. Maar dit moet end-tyd toestande kan hanteer. Bekeer julle, glo die Evangelie-tekens! Dis die Boodskap van vandag. Was julle siele in die Bloed van die Lam en glo die Evangelie, dat die end-tyd tekens hier is, die saad van die Evangelie het plaasgevind.

136 Hulle praat so baie oor hervorming, ek sal met hulle saamgaan daarmee, soos die evangelistiese hervorming. *Hervorm* beteken “om gereinig te word.” So ek dink ons benodig ’n klomp reiniging, van ons ongelooft, en glo die Evangelie. Dis reg. Te veel van ons suspisies en gewonder. Hervorm! Selfs die gewone woord, in die Griekse vertaling wat sê *bekeer*, beteken wel: “hervorm.” En *hervorm* beteken: “om te reinig,” al die destyds, die verlede, en glo die Evangelie in Sy krag en manifestasie. “Hierdie tekens sal hulle volg.”

Hulle sê: “Net vir daardie eeu.”

137 Hy het gesê: “Tot aan die einde van die wêreld.” Nou, iemand is reg. As die man wat ’n ongelowige is, gesê het dat dit slegs vir apostels alleenlik was, en Jesus Self gesê het “tot aan die einde van die wêreld,” dan vat ek Sy Woord daarvoor. Dat, Dit reg is!

138 God wil Sy mense afgesonder hê van ongelooft en ongelowiges. Soveel van julle mense maak ’n fout hiermee, laat somtyds julle kinders hier ’n kein Oswald naboots. Sien? Ek wil nou nie anders wees, en gestyf, ensovoorts, en een of ander fanatikus wees nie. Ek bedoel nie dit nie. Maar jy laat ’n... Jy moet seker wees met wie jou dogter in die aand uitgaan. Sien? Miskien het jy haar ’n godvresende klein ou dogtertjie grootgemaak rondom die kerk, en voor jy jou kom kry, gaan sy uit met Oswald of sommige van hulle, en—en hy’s ’n ateïs, ongelowige, en haar lewe sal geruïneer word en jy weet nie wat hy is nie. Sien julle? Dan sal hy met haar trou, en kyk waar is jou kinders, jou kleinkinders, dan, julle sien. Wees versigtig. God wil hê Sy mense moet apart wees.

<sup>139</sup> Lees julle Eksódus 34:12 'n slag, en kyk wat God vir Israel gesê het. “Wanneer julle oorgaan in daardie land, reinig alles wat daar is. Moenie een ding daarmee te doen hê nie.” Josua ook, 23ste hoofstuk en 12de vers, let op wat Josua gesê het: “Nou het God julle na hierdie goeie land gebring,” soos die Kerk nou: “en het julle na hierdie goeie land gebring. Geniet julle dit?”

Hulle het gesê: “Amen, ons geniet dit.”

<sup>140</sup> Het gesê: “Nou daar's 'n oorblyfsel, hierdie ongelowiges hier, en julle moenie met hulle assosieer nie. Moenie met hulle saamgaan nie.” Jy moenie, suster, as daardie kêrel jou na'n kroegkamer êrens heen wil neem, net om 'n vriendskaplike drankie te maak, bly weg van hom af! En dieselfde ding, julle kêrels, vir daardie meisie wat dieselfde ding sou doen. Bly weg van hulle af!

<sup>141</sup> Nou gaan julle sê: “Broer Branham is 'n ou verkrampte.” Maar een van hierdie dae sal julle uitvind. Was julle langs die weg waarop ek was, sou julle—sou julle weet dat dit reg is. Ja, meneer.

<sup>142</sup> Hoe dikwels het ek gesien, in die belydeniskamers, waar die jong meisies sou inkom in—in skande. Daardie merk sal met haar gaan tot sy sterf, en die dinge wat sy gesê het: Eens grootgemaak in 'n goeie, Christelike huis, maar hier's wat gebeur het, sy het met hierdie kêrel uitgegaan. Hy was net so oulik, sy kon nie van hom af wegbly nie, en—en alles soos dit. En, die eerste ding, hy het sigarette gerook en het 'n bottel in sy sak gehad, en hulle het begin drink, en hier het julle dit. Sien? En daar is sy in skande en dit. O, dis 'n jammerlike ding. Jy sien dit aan albei kante. So bly net weg, sonder jouself af! Wees goed en gaaf teenoor almal, maar moenie deelgenote van hulle sonde wees nie. Bly weg daarvan af. Ja, meneer.

<sup>143</sup> En dis altyd, vriende, die leiers, elke keer deur die verandering van hierdie dispensasies, het hulle die mense heel verward gehad. Dit was nie so seer die mense, as die Evangelie sou gebly het in die preekstoel waar Dit tuisgehoort het nie!

<sup>144</sup> Soos ek gepraat het met die Bethany College daar, die Lutherane. Hy het gesê: “Broer Branham, wat dink jy het ons?” En ek . . . hy het gesê . . .

Ek het gesê: “Wel, hier's wat dit is.”

<sup>145</sup> Hy het gesê: “Wat's die verskil tussen hierdie pinkster waarvan jy praat en ons Lutherane?”

<sup>146</sup> Ek het gesê: “Die Pinksterkerk is die gevorderde Lutherse kerk. Dis presies reg. As julle sou gebly het waar julle moes gewees het, sou julle ook Pinkster gewees het.”

<sup>147</sup> En ons praat almal oor soos ek iemand vanoggend hoor sê het dat: “Alle kerke, al—al die vroeë godsdienste, alle Christene kom werklik van Rome af.” Ek wil hê iemand moet dit vir my bewys. Ek sal toegee al die denominasies kom van Rome af. Maar Christene begin in Jerusalem.

148 So as die Katolieke hiërargie wil hê ons moet almal terugkeer na die moeder van Christendom, sal ek dit met hom saamstem, laat ons teruggaan na Pinkster en almal die Heilige Gees ontvang. Dit sal ek met hom saamstem. Dat, dit nooit van Rome gekom het nie, Dit het van Pinkster gekom. Die kerk is nie ingestel by Rome nie, dit is ingestel op die Pinksterdag. Sekerlik, nie onder hulle dogmas nie, maar onder die doop van die Heilige Gees. Dis wat ek probeer sê. As ons teruggaan, laat ons teruggaan tot by die begin daarvan; nie terug na die denominasies nie, jy gaan na Rome toe, want hulle was die eerste een wat 'n organisasie of 'n denominasie gehad het, en dis die moeder van hulle almal.

149 En die Bybel het so gesê, in die Openbaring 17: “Sy’s ’n prostituut self, en ’n moeder van hoere, haar dogters.” Sien? Dis wat die Bybel gesê het. Jesus Christus het gesê dat: “Daardie Rooms Katolieke kerk was ’n prostituut, en al haar Protestantse dogters was hoere saam met haar.” En Hy het gesê: “Kom uit onder hulle, My volk, dat julle nie deelgenote van haar sondes word nie, en Ek sal julle ontvang, en julle sal seuns en dogters vir My wees.” Sien? So daar het julle dit, sien: “Met ’n gedaante van godsaligheid, en verloën die Krag daarvan,” ensovoorts.

150 Julle kosbare Metodiste, hoe het julle nie altyd die krag van God tussen julle gehad nie. Ek het gegaan en gestaan . . . Ek het John se kleed gedra toe ek in Londen, Engeland, was om te bid vir Koning George daardie keer. En hulle het my daar na Wesley se Kapel geneem waar hy gepreek het vir vyftienhonderd elke oggend om vyfuur, voor die manne gaan werk het. Het daar gesit in ’n sitplek waar hy hierdie haanvegter bekeer het, en ek—ek het in die sitplek gesit. En het daar gestaan, en opgegaan in sy preekstoel. En het gebid in die kamer waar hy Hemel toe is. Ek het gedink: “O, as John sou kon weet wat daardie Metodiste kerk gedoen het, sou hy in sy graf omdraai.” Wanneer julle altyd vir die siekes gebid het en groot tekens gehad het! Wanneer John Wesley . . . gestaan daar, daardie bedevaartsplek waarby ek gestaan het, waar daar ’n boom is. Daardie dag, Goddelike genesing gepreek, en die—die hoë kerk van Engeland, die Anglikaanse kerk het gegaan en los . . . ’n Klomp van die lidmate het daarheen gekom en ’n jakkals losgelaat en ’n klomp honde, en John se gemeente laat uitmekaar gaan. Klein ou John het nooit meer as honderd-en-tien pond geweeg op enige tydstip in sy lewe nie, maar hy het gedraai en met sy vingers gewys, en hy het gesê: “Jou skynheilige! Die son sal nie drie maal oor jou kop ondergaan, voor jy my sal laat roep om vir jou te bid nie.” En hy het daardie aand gesterf, met krampe in sy liggaam, geroep na John om vir hom te kom bid. En hy is dood. Sien? O, as julle Metodiste Metodiste soos daardie sou wees, sou julle Pinkster wees. Dis reg.

151 Wat van julle Baptiste? Julle loop daar kerk toe vir 'n paar minute, en die pastoor preek langer as vyftien minute, wil julle hom ekskommuniseer. John Smith, die stigter van die Baptiste kerk, het heelnag gebid by tye, en het gehuil oor die sondes van die mense totdat sy oë sou toeswel van die huil, en sy vrou hom na die tafel sou lei en hom uit 'n lepel sy ontbyt sou voer. Kan nie meer vyftien minute bid nie. Wat is die probleem? Sien, julle het tradisies Daarmee vermeng.

152 Die Boodskap beweeg steeds voort. Israel het die Vuurkolom gevolg. Waar Dit gestop het, het hulle gestop. Waarheen Dit gegaan het, het hulle gegaan. Die Vuurkolom beweeg voort. Ja.

153 Nou vind ons uit dis die leiers wat dit doen. Die leiers was altyd die vermengdes. Kyk na ou Danan destyds in die Bybelse tyd, in Moses se dispensasie van die wet. Hy was die een wat die gemengde menigte gelei het, Danan, dit was Korag; toe God Sy profeet Moses laat ontstaan het, en hy die Woord van die Here gehad het. Hy het twee-en-'n-halfmiljoen mense daar in daardie woestyn gehad, en Jetro het daar aangekom en gesê: "Moses, dit gaan jou doodmaak, jou las is so groot." God het deel van Sy Gees geneem en Dit geplaas op sewentig ouderlinge, en hulle het gefofeteer. Dit het Moses nooit enigsins verswak nie. Hy, maar Moses het steeds die laaste woord gespreek, omdat hy SO SPREEK DIE HERE gehad het.

154 Jy kan nie onder 'n groep manne gaan nie. Ek—ek ontken enige tyd dat—dat ooit, wanneer God ooit wel 'n groep manne gebruik het. Hy gebruik een man. Presies. Een man op 'n keer, want twee manne het twee opinies. Een man! Presies reg. Let nou op, elke dispensasie was dit so, al die pad daardeur, dit was elke keer so gewees.

155 En daar het Moses gestaan. En weet julle wat Korag gesê het? Hy het gesê: "Wel, Moses tree op asof hy die enigste een is wat kan preek, hy die enigste een is wat die Boodskap het. O, ons weet daardie Vuurkolom hang oor hom, ons weet daardie Lig is bokant hom, ons weet dit alles, maar hy tree op asof hy die enigste een is wat die Boodskap het."

156 Hy het dit nie bedoel nie. Hy het dit nie so bedoel nie. Hy het die mense probeer reghelp. Daar's te veel idees. Jy moet na iets luister. En wat het gebeur? God het gesê: "Sonder julle net van hom af, omdat Ek hom en sy gemeente in die aarde sal insluk." En die aarde het oopgegaan en vuur het uitgekome, en hulle het afgegaan. Sien?

157 Die vermengdes, die leiers, die leiers wat die probleme onder die mense veroorsaak het. As dit nie was nie, sou ons vandag hier in hierdie stad kom en elke kerk en elke gemeente kom bymekaar. Wel, hulle sou hierdie plek gehad het, hulle sou gehad het, o, elke drankwinkel sou gesluit

gewees het. Wel, hierdie stad sou so droog gewees het, dat 'n dranksmokkelaar homself 'n halfuur sou moes voorberei om genoeg vog in hom te kry om te spoeg. Hy . . . Wel, dit sou wees! O, verskoon my, ek behoort dit nie te gesê het nie. Wag. Dit, wat ek bedoel is dit, ons is almal verstrooid. Dis die leiers. God kan inkom om iets te doen, en die leiers van hierdie groepies, bang iets gaan verlore raak, sal hulle bly . . . wegstaan Daarvan af, in plaas van God se Boodskap te aanvaar. Dit was die leiers, in die dae van Noag. Dit was die leiers in die dae van Moses. Dit was die leiers, in die dae van Jesus. Dis die leiers, vandag in die Heilige Gees. Die gemengde menigtes! Hulle sê: "O, laat die vroue dit doen. Waarom verskree jy hulle?"

<sup>158</sup> Soos ek gesê het, hier vantevore dink ek, iemand het nou die dag vir my gesê, omdat ek altyd probeer om my susters in lyn te bring. Sien dit, hulle is—hulle is die teiken. Hulle was in elke eeu die teiken. Satan het hulle gebruik destyds daar in die Tuin van Eden, en hy het hulle elke keer gebruik. En wanneer die Bybel aandui oor Amerika en sy vroue in die laaste dae, dan begin ek daarop hamer. En iemand het gesê: "Broer Branham, mense beskou jou as 'n profeet."

Ek het gesê: "Ek is nie."

<sup>159</sup> Hy het gesê: "Maar hulle beskou jou as sulks. Waarom leer jy nie daardie mense hoe om groot geestelike gawes te kry nie? Leer hulle dinge as jy . . . God deel met jou, ons weet dit." Het gesê: "Waarom onderrig jy nie daardie vroue in plaas van om hulle altyd te berispe nie?"

<sup>160</sup> Ek het gesê: "Ek het vir hulle gepreek vir een-en-dertig jaar, en hulle is . . . Hoe kan ek hulle leer, hoe kan ek hulle algebra leer, wanneer hulle nie eens hulle ABC's ken nie. Waarom is dit dat hulle nie eens in staat wil wees om soos vroue op te tree nie? Waarom is dit dat hulle bly maak soos wat hulle maak? Hoe kan jy hulle geestelike dinge leer, as hulle nie eens die natuurlike dinge wil glo nie? Hoe kan jy hulle daardie dinge leer?" Laat die kerk opkom na daardie vlak, en dan kan hulle op daardie vlak geleer word hoe om gawes van God te ontvang en hoe om gawes en dinge te manifesteer. Maar die Heilige Gees sal dit nooit laat kom, voordat daardie hart reg is en gereed om dit te ontvang nie.

<sup>161</sup> Dan, God staan daar soos om groot druk toe te pas. Moenie bang wees daar sal te veel van hulle wees nie. Jy kan God nie uitput nie. Sou julle julle 'n rotjie kon voorstel, omtrent so lank, klein muisie onder die groot skure van Egipte, wat sê: "Ek moet liever een koringkorrel per dag eet, ek kan dalk daarsonder raak voor die volgende oes"? Sou julle julle 'n vissie kon voorstel omtrent so lank, wat daar in die middel van die oseaan swem, sê: "Ek moet liever spaarsamig van hierdie water drink, want, julle weet, dit kan dalk eendag droog



raak”? O, goeiste, dis om te probeer om God se goedheid en genade teenoor Sy mense uit te put! Hy wil julle seën. Hy’s gereed. Hy oefen druk uit. Sou julle julle kon voorstel al die water op die aarde, die seë en alles, word gevat en opgehoop in een vier-voet pyp en plaas dit daarbo? Die druk sou aan die onderkant daarvan wees, probeer om ’n skeurtjie te vind om sy pad deur te lek. Dis soos die druk van die Heilige Gees wat probeer neerkom op elke lewe.

<sup>162</sup> Maar hulle wil dit nie doen nie, hulle is liever vir geloofsbelydenisse en dinge, as wat hulle vir God is. Jy moet uitverkoop van dinge van die wêreld, en God glo. Dit kan nie ontken word nie, julle het dit jaar na jaar gesien, en keer op keer. En Joseph het op ’n keer gesê: “Dit mis nooit. Dit moet God wees.” Sien? En dis God se belofte vir die dag. Nie ek nie; ek is nie God se belofte nie. Ek’s ’n mens. Ek praat van Sy Heilige Gees wat hier is. Dis die belofte van die dag: “Enige plek, enigeen.”

<sup>163</sup> Nou, ons vind uit dat hulle die een was. En, kyk, en ons sal byvoorbeeld Bileam neem. Bileam, hy kom aan en het die mense sy doktrine geleer, en hulle het gesê: “Nou kyk, ons is almal gelowiges, ons is—ons is Lot se dogters se kinders, Moab daarbo.” Het gesê: “Ons is maar almal dieselfde.” En hy het hulle vermeng, ondertrouery veroorsaak. Hy het gemaak dat daardie mooi Moabitiese vroue, heel opgedollie, en kom daarheen en het vir daardie seuns van God gesê dat hulle—dat hulle “almal dieselfde was, per slot van sake; God is ’n God van alle rasse, en alles is in orde.” En hy het hulle saam laat trou. En God het die skeidslyn getrek, en hulle hulle huise en alles laat agterlaat. Wat was dit? Sien daardie ding? Presies net wat plaasgevind het destyds daar voor die vloed: “Toe die seuns van God die dogters van die mense gesien het, dat hulle mooi was, en hulle hulle begeer het en hulle tot vroue geneem het.” Sien? Selfde ding het daar plaasgevind.

<sup>164</sup> En dieselfde ding nou! Weer is dit dieselfde ding. Julle behoort dit te sien. Elke generasie sê wat met die volgende een sal gebeur. Hier is dit. Ons sien dit. Ons weet dat dit dieselfde is, omdat die Bybel hier so verklaar dis dieselfde nou as wat dit was. Goed. Nou, en dit alles tel, natuurlik, vir die—die dag waarin ons lewe.

<sup>165</sup> Nou die—die oproep van die dag, al wat tel onder die kerke vandag, is lidmate. Dis al wat hulle wil hê, is lidmate. Nou, ons almal weet die Baptiste-slagspreuk in 1944, het gelui: “Ons sal ’n miljoen meer hê, ’44.” [Eng. “We’ll have a million more, ’44.”—Red.] Ons ken ons kosbare, welwillende Broer Billy Graham, ons sien sy plek in die Skrif, waarheen hy gaan, wat hy doen. Maar dis altyd “besluit, soveel het besluite geneem.” Net denominasie, dis al wat hulle wil hê. Sien?

166 Dis hoe dit was in die dae van Jesus, dieselfde ding. Hulle is nie slegte manne nie. Hulle was blind. Dis al. Hulle was blind vir die Waarheid. Jesus het hulle so gesê, het gesê: “Julle blinde Fariseërs en Sadduseërs, wat doen julle alles!” Wat het Hy gesê doen hulle? “Julle skrifgeleerdes, Fariseërs, julle is blind!” Hy het nie gesê: “Julle is sondaars,” nie. Hulle was sondaars, maar wat ons sonde noem.

167 Nou, ons noem sonde: “Egbreuk pleeg, rook, lieg, steel, sulke dinge, dis sonde.” Dit is nie sonde nie. Dis die eienskap van ongelooft.

168 Die Bybel het gesê: “Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel.” Ongelooft in die Woord, is sonde.

169 Kyk na daardie manne, heilig. Wel, jy kon nie ’n vinger op hulle lê, moreel nie. Hulle grootvader, en groot-grootvader, en groot-groot-grootvader, en groot-groot-groot-groot-grootvader was almal priesters. Hulle het daardie wet en tradisies van die ouderlinge en die vadere onderhou, sommer volmaak, daar deur die generasie. Daar was nie een smet op hulle nie. As hulle sou, sou hulle gestenig word. Goeie manne. En Jesus het gesê: “Julle is van julle vader die duiwel!” Waarom? Omdat hulle nie die Boodskap, die Woord gesien het nie. Hy was daar.

170 En hulle het gesê: “Wel, hierdie man probeer ons kerke stukkend skeur.”

171 Hy het gesê: “Julle blinde Fariseërs en Sadduseërs!” Hy het gesê, hier’s wat Hy gesê het, Hy het gesê: “Julle sal oseane deurkruis om een bekeerling te maak. Wat sal julle nie alles doen vir een lidmaat nie! En wanneer julle kom in julle denominasie inbring, is hy twee maal meer ’n kind van die hel as wat hy was toe hy daarbuite was.” Dis presies wat Jesus gesê het.

172 En as daar enigiets is wat ongeregting is en enigiets wat ongodelik is, is om ’n ou mosbegroeide kerklidmaat te vat wat dink hulle is so goed, en deur niks kan sien nie behalwe hulle eie brille. Ek kritiseer nie. Maar, ja, dit doen ek ook. En, dis net presies reg. En Jesus het gesê: “Julle is twee maal meer ’n kind van die hel as wat julle was toe julle begin het.” En wanneer ons kerke vat, wat ongeag hoeveel lidmate jy in daardie kerk kry, en hulle sien gaan na die beroepswedders en resiesperde, en staan daar en die vrou met kortbroeke aan, op en af in die strate, en sing in die koor, dis die grootste struikelblok wat die sondaar ooit gehad het. Presies. Hulle verwag daardie mense wat hulleself Christene noem, om ’n ordentlike lewe te lei, om ’n ander persoon te wees. Dis ’n voorbeeld. Dis ’n struikelblok. Dis ’n skynheilige. Dis tien maal slegter af as wat jy ooit was. Jy sou beter af wees om daar te wees soos jy was.

<sup>173</sup> Dis wanneer die man kom sê: “Wel, hulle leef nie anders as wat ek lewe nie. Wel, sekerlik nie. Ek’s, ek sou so goed wees soos hulle is.” Dis ’n struikelblok. Dis presies reg. Sien hulle sê, wel, een of ander sondaar stap nader en sê: “Jesus het dit hier gesê.”

<sup>174</sup> “Aag, dit was nie, daarvoor nie—dit beteken nie dit nie. Dit—dit, Hy het dit nie net daar bedoel nie. Dit was vir ’n ander tydperk.” Wel jou ongelowige! Sien? Wat is die probleem? Jy het ’n struikelblok in daardie persoon se pad geplaas.

<sup>175</sup> Jesus, of ek bedoel in die Psalms, het Dawid gesê: “Sit nie in die kring van die spotters nie, staan nie op die weg van die goddelose nie.” Sien? “Plaas jou nie so op die weg van die goddelose nie en sit nie in die kring van die spotters nie, bespot hulle wat reg is, en staan rond en sê dit was ’n gedaante van godsaligheid. Maar hy wat hom verlustig in die wet van die Here, hy hou daarvan om dit te doen, hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by die waterstrome. Sy blare sal nie verwelk nie. En wat hy ook al doen, sal voorspoedig wees, dit sal net presies vervul word.” Dis die soort kerk wat God wil hê. Blinde leiers van die blindes, laat in hierdie laaste dae, spotters kom, ensovoorts.

<sup>176</sup> Die end-tyd evangelis se Boodskap is van Maleági 4. Dis ’n herstel. Die Boodskap en boodskapper, beide, sal ’n herstel van die Geloof moet wees. Judas het gesê, in die Boek van Judas, net omtrent dertig jaar na die kruisiging, het hy gesê: “Broeders, ek wend alle ywer aan om aan julle te skrywe oor die gemeenskaplike Geloof, dat julle julle ernstig moet beywer vir die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges destyds.” Sien? Sien? Maleági het gesê, vir die laaste dae, die laaste profeet van die Ou Testament, dat: “Voor die groot en vreeslike dag van die Here sal kom, sal Ek vir julle die profeet Elía stuur. En hy sal die Geloof van die kinders terugbring na, of die Geloof van die kinders na die vaders, net voor die tyd van vernietiging.” Wat is dit? Dis ’n Boodskap wat uitgaan, ’n Boodskap en boodskapper van die laaste dae, wat hulle nie na ’n geloofsbelydenis moet bring nie, maar om hulle uit daardie geloofsbelydenisse uit te ruk en hulle terug te bring na die oorspronklike Geloof van die vaders, die pinkstervaders, waar die Kerk in die laaste dae sal wees. Nie die Mosaïese vaders nie, maar die pinkstervaders.

<sup>177</sup> Die Mosaïese vaders was Maleági 3: “Ek stuur My boodskapper voor My aangesig uit om die weg te berei voor die Here.” Matthéus 11:6 sê dieselfde ding. Jesus getuig dit, dis toe Hy Johannes gesien het, het gesê: “Wat sou julle uitgaan om te sien, ’n man geklee in mooi boordjies, omgedraai ensovoorts? Nie Johannes nie.” Hy het gesê: “Hulle wat so aantrek behoort in konings se paleise, en hierdie groot denominasies, wat die babas soen, en trou, julle weet, ensovoorts, die dooies begrawe,

en die jonges trou, ensovoorts. Hulle is daar.” Het gesê: “Wat gaan julle uit om te sien? ’n—’n Riet geskud deur enige wind? Nee, nie Johannes nie. Nee, nee, hy het nie geskud toe hulle teen hom gebots het nie.”

<sup>178</sup> Het gesê: “Jy sal geen samewerking kry as jy daarheen gaan nie.” Dit het vir Johannes geen verskil gemaak nie, hy het in elk geval gegaan. Sien?

<sup>179</sup> Het gesê: “Wat het julle uitgegaan om te sien, ’n profeet?” Het gesê: “Ek sê, en meer as ’n profeet! En as julle dit kan verstaan, dit is van wie deur die profeet gespreek is, gesê is: ‘Ek stuur My boodskapper voor My aangesig, om die weg te berei,’” Maleáigi 3.

<sup>180</sup> En in Magleagi 4, vir die kerkeu, het Hy gesê: “Ek stuur vir julle Elía voor daardie dag.” Nou, dit kon nie Johannes gewees het nie, omdat die wêreld nie destyds uitgebrand is en die regverdige op die as van die goddelose uitgestap het nie. Nee. Dis hierdie tydperk, ’n Boodskap wat sal uitgaan! Wat sal wat? Die Geloof van die mense terugbring, die Kerk vandag wat uit al hierdie verskillende korrupsies is en ’n etterende, liggaam vol sere van denominasie, bring na ’n lewende Geloof en ’n lewende God. Die Boodskap is al aan die gang vir jare. Dis reg. Dis nou tyd dat ons behoort te ontvang en glo: die end-tyd evangelisasie is om terug te bring. Joël sê dieselfde ding: “Ek sal herstel al die jare wat die kaalvreter verslind het.”

<sup>181</sup> Kyk hier. Onthou my Boodskap onlangs oor die Bruidboom, sien, hoedat hulle Jesus opgevat het? Hy was ’n Boom, die Een wat Dawid gesien het, ’n Boom geplant by waterstrome, Sy vrugte op tyd, die mees perfekte Boom. En hulle het Hom afgekap en Hom gehang aan ’n mensgemaakte Romeinse boom, as ’n bespotting. Maar wat het Hy gedoen? Weer opgestaan op die derde dag. Wat het Hy nog gedoen? Hy het ’n Bruidboom laat voortkom, ’n man en ’n vrou soos die bome wat in die tuin van Eden was, twee bome. Een van hulle, die boom van die lewe, en een die boom van die dood. En wat het Hy gedoen? Hy het gekom om hierdie boom te verlos. So omdat Hy dit verlos het, by Golgóta, is Hy nou gereed om haar te plant. O, goeiste! Ek begin godsdiensdig voel wanneer jy dit sê, sien. Om Sy Bruidboom te herstel, die een wat in Eden moes gewees het, maar sy het daar geval omdat sy die Woord nie geglo het nie. Maar hier gaan Hy ’n boom terugbring wat die Woord sal glo! En toe sy opgekom het op die Pinksterdag, daardie oorspronklike Doktrine, daardie oorspronklike Geloof, wat het Rome toe begin doen? Stuur ’n kaalvreter, stuur ’n afknyper. En elkeen het sy deel van die vrugte gevat, die blare en alles, en het dit uitgesuig.

<sup>182</sup> Maar wat het die profeet wat dit gesien het, hy het gesê: “Maar Ek sal daardie boom herstel, sê die Here.” Sy het begin

destyds in die Hervorming. Wat het sy gedoen? Georganiseer. God het haar gesnoei, reg in Johannes 14, het al die organisasie daarvan afgesny. En sy kom terug na Wesley, sy het georganiseer. Het haar afgesnoei.

<sup>183</sup> “Maar Ek sal herstel!” Sy kom steeds. Nou wat doen dit? In die aandtyd sal daar nie ’n organisasie wees nie. Daar sal ’n—’n top wees. Waar word die vrugte eerste ryp? In die top. Waarom? Die son tref dit. En in die aandtyd word die sade nou geplant vir die aand-tyd Bruidboom. Wanneer die Boom van die Lewe terugkeer na die Bruidboom. Sien julle? En die Aandligte het nou uitgekóm om water te gee en daardie vrugte ryp te maak wat aan die boom was wat geplant was. Die sade word gesaai. Sien? Die aandtyd. So die aand-tyd evangelisasie sal die teken van Maleági 4 wees, om die geloof van die mense terug te bring na die Geloof van die vaders. Ja, meneer. Terug na die Boustene! Amen. Terug na die . . .

<sup>184</sup> Vandag sê die leiers weer: “Getalle, getalle!” Dit het hulle destyds daar in Jesus se tyd gesê, in daardie dispensasie. Jesus het gesê: “Julle skynheiliges! Julle Skrifgeleerdes, julle Fariseërs, julle deurkruis oseane om een bekeerling te maak, een lidmaat te kry, en wanneer julle hom inbring is hy twee keer meer ’n kind van die hel as wat hy was toe hy begin het.” En vandag sal hulle—sal hulle biljoene dollar spandeer en alles doen wat hulle kan om nog een lidmaat van die kerk te maak. En, wanneer julle dit doen, is hy slegter af as wat hy daarbuite was. Julle kan slegs ’n skynheilige van hom maak, laat die mans die dinge doen, uitkóm in die wêreld en lag en spot met die Evangelie, en alles sovoorts. Dis, sien, leiers van hierdie dag sê weer: “Getalle, getalle, getalle!” Dit, dis al wat tel vandag, is getalle, besluite.

<sup>185</sup> Nou, dis vandag so ’n groot woord: “besluite.” Ek wens iemand wil ’n besluit maak om God te dien in plaas van by ’n kerk aansluit. “Neem ’n besluit, kom in, plaas jou naam op die boek,” stuur ’n hele groot klomp mense daarheen, sal skrywe. “Wat is jou naam?” “John Jones.” “Aanvaar jy Christus as jou Verlosser?” “Ja.” “Glo jy Jesus Christus is die Seun van God?” “Ja.” Satan doen dieselfde ding, dieselfde ding. Die Bybel het gesê hy het. Hy glo en sidder. Ja, meneer.

<sup>186</sup> Maar jy sidder nie wanneer jy waarlik glo nie, jy verheug jou, amen: “Almal wat Sy verskyning liefhet.” Soos ek gesê het, iemand sê my voortdurend, stuur vir my briewe: “Broer Branham, jy maak mense doodbang, sê hulle die endtyd kom.” Die Kerk bangmaak? Goeiste, dis die heerlikste ding wat sou kon gebeur, die Koms van die Here, die endtyd. Ek wens dit was sommer nou. Sekerlik. Wel, dis die heerlikste ding waaraan ek ooit gedink het, om my Here te ontmoet. Hierdie ou kleed van vlees sal ek laat val, en opstaan en die ewigdurende prys aangryp, weer teruggaan na ’n jongman,

en vir ewig lewe saam met my Here, saam met al my mense. Wel, goeiste! Ek kan nie dink aan worstel deur hierdie sonde en beproewing, en skete en pyne in hierdie ou peshuis hier nie. Om hierdie ding te verlaat en te gaan na 'n—'n kroon van geregtigheid, wel, dis die heerlikste ding wat ek ooit gehoor het! Soos die Apostel Paulus gesê het: “Ek het 'n goeie stryd gestry, ek het my wedloop voleindig, ek het my geloof behou, voortaan is daar 'n. . . Ek het *die* Geloof behou, en voortaan is daar 'n kroon van geregtigheid weggeleë vir my, wat die regverdige Here my op daardie dag sal gee; nie vir my alleen nie, maar hulle almal wat Sy verskyning liefhet.” Nie *glo* in Sy verskyning nie; maar Sy verskyning “liefhet,” so 'n vreugde om te weet Hy kom! Sekerlik! Ja, meneer!

<sup>187</sup> Maar vandag is dit “lidmate,” dis “besluite,” dis “bring lidmate van die kerk in,” soveel lidmate. Dis wat. . . Dis nie aand-tyd evangelisasie nie.

<sup>188</sup> Nou gaan ek net 'n minuut stop, en ek wil sommer net met julle praat uit my hart uit. Ek hoop ek het nie—het julle nie te lank gehou nie. Dis. . . ek het omtrent sewe, agt minute nog, en ek wil sommer met julle praat uit my hart uit.

<sup>189</sup> Is dit nou nie waarheid nie: “Besluite, aansluit by 'n kerk. Jy los die Metodiste kerk en kom sluit by ons, die Baptiste, aan. Of, jy los die Baptiste en kom sluit aan by ons, die Metodiste, Presbiteriane, Lutherane?” Katolieke vat almal, sien. “Lidmaat, lidmaat, lidmaat, lidmaat, besluite, besluite.”

<sup>190</sup> Watter nut het die klippe as jy nie 'n klipkapper het om hulle te omvorm nie? Belydenisse is stene. Toe Petrus sy belydenis gemaak het, het Jesus gesê: “Jy is Petrus, 'n klein rots.” Maar watter nut het 'n rots as daar nie 'n klipkapper daar is om hom tot 'n seun van God te omvorm nie? Jy hoop net 'n klomp klippe op. Is dit reg? Dit doen niks goeds nie. Sien? Die water slyt die klip weg. Sien, dis reg, dis die mense. Watter nut het klippe as jy nie 'n ware klipkapper met 'n goeie skerp stuk gereedskap het om hom te omvorm in die paslike plek in die Huis van God nie? Wil julle net vra, watter nut het die besluite, watter nut die plaas van jou naam op die boek? Watter nut het kom sluit by die kerk aan, as die klipkapper nie daar is wat dit sal omvorm en hulle van *dit* en *dat* laat afsien, en hulle kap en op Hierdie wyse hervorm, en regmaak en hulle maak soos Christene wat sit in die Huis van God; met tekens wat die gelowiges volg nie?

<sup>191</sup> Dis end-tyd evangelisasie, die klippe vat en hulle vorm. Sien?

<sup>192</sup> Watter nut sou die klippe hê as jy hulle net ophoop? Laat hulle lê waar hulle is, kan dalk 'n bietjie beter vaar daar as wanneer jy hulle saam ophoop. Hulle is dalk nodig daar, en nie een van hulle daar nie. Sien, dis reg. Klip is van geen nut sonder 'n klipkapper nie.

<sup>193</sup> Jesus tel karakter, nie lidmate nie. Weet julle dit? Hy tel karakters. God het altyd probeer om een man op Sy hand te kry. Dis al wat Hy nodig het, is een man, en Hy sal Sy werk deur die jare doen. Dink net, Hy kon slegs een regverdige man vind in die tyd van Noag. In die tyd van Moses, het Hy slegs een regverdige man gevind.

<sup>194</sup> Kyk na Simson. Sien, God kan slegs gebruik wat jy aan Hom oorgee. Simson was 'n groot sterk man, hy het 'n klomp krag gehad. Simson het sy krag aan God oorgegee, maar hy wou nie sy hart gee nie. Hy gee sy hart vir Delila. Sien? En dis die manier met die mense vandag. O, broer, hulle sal oorreik en skulde afbetaal, en sulke dinge, en 'n groter denominasie bou, ensovoorts soos dit, maar as dit kom by hulle hart gee, sal hulle dit nie doen nie. Dis reg. Watter nut is . . .

<sup>195</sup> Petrus het 'n swaard gehad. Hy het daardie swaard uitgetrek, hy sou die hoëpriester se ore afkap, en sulke dinge, hy het dit gedoen. Maar toe dit kom by ware Christelike moed, het hy dit nie gehad nie. Hy het teruggedeins en Hom verloën. Is dit reg? Hy kon die hoëpriester se ore afkap met sy swaard, vir seker, hy het geweet hoe om dit te hanteer. Maar toe dit onder druk kom en tyd raak om op die Woord van God te staan, het hy nie die moed gehad nie, en het selfs ontken dat hy Jesus geken het.

<sup>196</sup> Dis waar dit vandag is. Ons het moed om geboue te bou en sit miljoen dollar in hulle. Ons het moed om pyporrels en weelderige sitplek in te sit, en alles, en gaan uit en proseliteer van plek tot plek, en laat die Methodis Baptis word, ensovoorts en heen en weer soos dit. Maar wanneer dit kom by Christelike moed, om die Woord te aanvaar, die Boodskap van God, en Daarop te staan, is ons weinig. So watter nut het jou klippe weer sonder 'n klipkapper? Is dit nie reg nie?

<sup>197</sup> God is op soek na karakter, nie lidmaatskap nie. Karakter! Eliëser, toe hy die Bruid van—van—van Isak gaan haal het, het hy dit uitgesweet totdat hy karakter gevind het. Onthou, Abraham het hom verantwoordelik gemaak soos God ons verantwoordelik maak, dis reg, ons predikers. “Soek My Bruid!” God seën julle hart. Ek is nie op soek na lidmate nie, ek soek na die rein van hart, sien, iemand wat die Woord sal glo.

<sup>198</sup> Eliëser het gesoek, en hy het gedink: “O, ek kan dit nie op my eie doen nie. Daar's te veel verantwoordelikheid. Ek besef die verantwoordelikheid om te vind vir Isak . . .” Wat 'n tipe is van die Kerk, julle weet, Christus; Rebekka, die tipe van die Bruid. En Eliëser het op sy knieë gegaan en gesê: “God, U—U sal my net moet help.” En toe hy na God verwys het, het God hom gehelp. Hy het karakter gevind.

<sup>199</sup> Kom terug na die Woord, broer. Kom terug na God. Moenie aandag gee aan hierdie kerk waaraan jy behoort nie. Jy kan



daar bly as jy wil, as hulle jou sal toelaat. Maar, die ding om eerste te doen, is, kom na God toe. Dis reg. Dit is die end-tyd evangelisasie. Ja, meneer. Karakter!

<sup>200</sup> En toe hy uitgevind het, en dan toe Eliëser die karakter gevind het wat in die vrou, Rebekka was, die pragtige bruid van Isak, het hy haar van Isak vertel. En sy het nooit een ding bevraagteken nie. Sy het die woord van die boodskapper geglo, en sy het gereed gemaak om te gaan. En hulle het gegaan, die vader gevra, hy het gesê: “Vra haar maar net, die dametjie is mondig. Vra haar, laat haar besluit staan.”

<sup>201</sup> Sy het gesê: “Ek sal gaan.” Waarnatoe? ’n Man wat sy nog nooit gesien het nie, niks van geweet het nie. Maar tog was sy gereed, omdat sy voorbestem en uitverkies was daartoe. Presies reg.

<sup>202</sup> Het julle gelet op die vrou wat Jesus se voete gewas het? Het nooit vir ’n seëning gevra nie. Sy het net daar gekyk. En daar, probeer daardie skynheilige Hom belaglik maak, Sy karakter beswadder. Dis wat hulle altyd probeer doen het, Hom klein te laat lyk. Sommige mense, julle weet, hulle het Hom gevolg net om dit te doen. Hulle sou sê: “Nou, kyk hier, Goeie Meester, ons weet U is ’n groot man van God, U vrees niks. Behoort ons belasting aan Caesar te betaal?” Sien? Al die dinge! Dit, net om iets te probeer vind om Sy Naam swart te smeer, dit te besoedel. En hierdie Fariseër het Hom daarheen genooi vir ’n maalyd, daardie denominasie het geweet dat sou hulle Hom daarheen nooi, het hulle ’n yster êrens in die vuur gehad. Soos ’n dobbelaar sou sê: “’n Troefkaart in sy mou.” Hulle het iets gemeenskapliks gehad.

<sup>203</sup> Wanneer jy enigeeen soos dié sien, wat jou haat, jou ywer vir Christus, en dan bring hulle jou in, dis óf om ’n klomp geld uit jou uit te kry, óf iets te doen, óf jou op een of ander manier te gebruik. Sien? Daar’s nie. . . Hulle sal nie die Boodskap glo nie. Hulle het jou daar gekry vir iets anders. Dink julle dat daardie selfde Christus nie dieselfde ding vandag onderskei nie? Beslis, Hy doen dit.

<sup>204</sup> Maar hulle het Hom daar ingebring, en hulle het gesê: “Nou sal ons dit bewys.” En hulle het Hom daaragter gekry en Hom stink laat inkom, nooit Sy voete gewas nie, Hom nooit verwelkom nie. Gesit daar in daardie, waar hulle sou loop in daardie gewade, julle weet, inbring daarin waar die perde en dinge padlangs was in daardie dae, daardie ou paadjies. Hulle reis almal op dieselfde manier. Daardie groot gewaad tel daardie stank op, en dit was aan Hom, en dit het gestink van die stof en dinge op die pad. En ou stank, soos in agterplase en dinge. En dit was aan Hom, het gegaan na ’n gas se huis met daardie yslike groot fluweelkoordmatte op die vloer, alles. Hulle het ’n soort van ’n smeersalf gehad, hulle—hulle

het hulle gesig gewas en hulle voete gewas, en gee hulle 'n paar slaapkamerpantoffels, soort van, en sit hulle sandale eenkant. Kom dan in nadat hy klaar geklee en versorg was, en sy hare reg gemaak, en kom binne. Dan ontmoet jy jou gaste, en dan—en dan groet—en dan groet jy hulle en omhels hulle. Hulle omhels mekaar om die nek, en soen mekaar op die nek. Sien? Soos julle my en Joseph 'n ruk terug ons arms om mekaar sien sit het, mekaar op die skouer sien klop het. En hulle het mekaar op die nek gesoen. Maar daardie Fariseër, na Hom daar ingenooi het, en daar het Hy daaragter gesit, hulle het nooit Sy voete gewas nie, hulle het nooit 'n ding vir Hom gedoen nie, laat Hom daar sit net om te spot met Hom.

<sup>205</sup> Maar 'n arme vernederde klein prostituut, met 'n paar muntstukke wat sy daar verdien het in haar berugte lewe, sy het Hom daar sien sit. En die groot trane het teen haar wange afgeloop. Sy het gegaan en 'n albastefles gekry, met al die geld wat sy gehad het. Sy het op 'n manier ingeglip en daaragter gekom, en sy het aan Sy voete neergeval, en sy begin huil, haar hare val neer. En—en sy sou huil en neem haar. . . Hulle het geen handdoek gehad om Sy voete te was nie, en sy het hierdie hare gevat en Sy voete afgedroog. Watter pragtige water vir Sy voete, trane van 'n berouvolle sondaar! En as Hy maar Sy voet sou beweeg het, sou sy opgespring het. Sy het niks gevra nie, sy het net gesien dit moes gedoen word.

<sup>206</sup> Kan ons nie vandag dit doen nie? Goeiste, ons vra nie niks nie. Dit moet gedoen word, die Evangelie moet verkondig word. Of ons nou 'n pennie kry, of wat ook al, maak geen verskil nie. Ek het nooit in my lewe 'n offerhande opgeneem nie. Dit is 'n behoefte. Dit is 'n saak. Sonder af, en kerke haat jou; en wat nog, en werk jou uit en sommer watter paar vriende jy optel saam. Maar dis 'n Boodskap. Dit moet gaan, ongeag. Ek sit myself nooit op radio en groot televisieprogramme, waar ek mense sou moes soebat vir geld nie. Ek sou dit nie kon doen nie. Ek wil julle broer wees. Ek wil wees waar God. . . As daar vyf mense hier is, gaan daarheen. Gaan hierheen, as daar 'n miljoen is, God sal vir my die weg baan om te gaan. Dis al. Lewe dit net deur geloof. Dis hoe ons almal behoort te maak. En, dank God, baie van hulle doen dit, julle sien, op dieselfde manier. Dis waar, hulle doen dit.

<sup>207</sup> Kyk na hierdie vrou tjie. Jesus het nooit 'n voet versit nie. Kyk na hierdie ou Fariseër wat daar staan, gesê het, Hom bespotlik probeer maak het, het gesê: “Nou, as Hy 'n profeet was, sou Hy geweet het watter soort vrou Sy voete was. Sien? Hy sou geweet het watter soort vrou in Sy omgewing was. Sien, daar is Hy, dit wys die klas waarmee Hy omgaan.” Ek is so bly daarvoor. Ja. Hy het geweet. “Kyk net daar na watter soort klas mens by Hom is. Ons is die waardiges. Ons is die kerkklidmate. En kyk, daardie ou sondaar daar by Hom, daardie vrou, ons weet wie sy is, sy loop op straat. Sy's. . .”

Julle weet waarvan ek praat. “So daar, sy was daardie soort vrou. Kyk, kyk, dis die soort mens wat agter Hom aanhang.” Ek’s so bly. Ek’s so bly.

<sup>208</sup> Dis wat ek was, julle weet. Ek was daardie tipe mens, nie goed nie, sondaar. En elkeen van julle is dieselfde, wat nie na Hom gekom het nie. Jy kom nie net om ’n lidmaat van ’n kerk te wees nie, jy kom omdat daar iets gedoen moet word. Jesus moet gedien word, iemand behoort daar te wees. Laat ons dit doen. Sy het nooit gevra: “Here, sal U my seën, sal U *dit* doen?” nie. Nee, sy het net Sy voete gewas en hulle afgedroog met die hare van haar hoof. Weet julle, party van ons susters moet op hulle kop staan om genoeg hare te kry om Sy voete af te droog.

<sup>209</sup> En daar het haar mooi krulle afgeval, en sy het Sy voete afgegee. En [Broer Branham maak ’n soengeluid—Red.] sy het Sy [Broer Branham maak ’n soengeluid.] voete voortdurend so gesoen. Jesus het net gesit en na haar gekyk. Hy het nooit ’n duim beweeg nie. Na ’n ruk, toe sy klaar was, het Hy omgedraai.

<sup>210</sup> Daar het ou Simon daar gestaan met die hele predikersvereniging, het gesê: “Sien! Ha! Ha! Dis Hy. Sien, daar het julle dit, dit wys wat Hy is. Hy’s geen profeet nie. Kyk na Hom!”

<sup>211</sup> Hy het omgedraai en gesê: “Simon!” O, ek stel my voor hy was rooi in die gesig. Hy het gesê: “Ek het iets om vir jou te sê. Jy het My hierheen genooi. Sien? Toe Ek by die deur ingekom het, het jy nooit My voete gewas nie, het jy My nooit met ’n kus verwelkom nie, het jy nooit My hoof gesalf nie. Jy het net daar gestaan en het My bespotlik probeer maak. Sien? Jy het My hierheen gebring met daardie doel. En hierdie vrou vandat Ek gekom het, vandat Ek gekom het, het sy voortdurend My voete gewas met haar trane, en hulle afgegee met die hare van haar hoof. En sy het voortdurend, nie My nek gesoen nie, maar My voet gesoen.”

“Jy het nie iets verwag nie, het jy suster?”

“Nee.”

<sup>212</sup> “Maar Ek sê vir jou dat jou sondes, wat baie is, vergewe word.” Uh-huh. Ja. Sien? Die hele pad daar het sy glad niks gehad nie, maar net ’n vrees, miskien, dat sy nie die regte ding aan die doen was nie, maar dit moes gedoen word, maar haar beloning het aan die einde gekom.

<sup>213</sup> Julle hoor my dalk hierdie Boodskappe preek. Julle sien dalk die Heilige Gees onderskei en groot dinge doen, en wonderwerke verrig. Julle kan dalk bid, en dit sou nooit vervul word nie. Gaan voort, julle beloning kom aan die einde. Sou dit nie net daar beter gewees het nie? Ja. Sien, bewys Jesus ’n diens. Dis die end-tyd Boodskap. Hy het ’n Bruid gehad. God is op soek na karakter. En toe, nadat Eliëser die karakter gevind

het, toe was die volgende ding om haar gereed te kry om te gaan. Dis nou dieselfde, broer, dieselfde nou. Die end-tyd Boodskap is nie daar oorkant in Babilon nie.

<sup>214</sup> Dis waar ek vir jou gesê het, Joseph, toe hierdie Sweedse broertjie van my daar gestaan het, en eendag sy kop op my skouer gesit het en soos 'n babatjie gehuil het. Hy het gesê: “Broer Branham, God het my hierheen gestuur, Chicago, gesê ek sou Chicago geskud sien een van hierdie dae.” En hy het gesê: “Nou stuur hulle my weg. Hulle neem my kerk reg onder my uit weg, groot, beste kerk in Chicago.” Het gesê: “Hulle vat my kerk, en hier het hulle my uitgestoot. Hulle het my uitgestem. Ek weet nie wat om te doen nie.”

<sup>215</sup> Ek het gesê: “Joseph, God lieg nie.” Ek het gesê: “Jy het Chicago geskud gesien. Dit het by New York Stad begin toe ek jou daar gesien het, omdat hulle nie met jou wou saamwerk nie, wou ek nie eens gaan nie.” En het hom nie eens geken nie, maar iets aan hom wat my na hom aangetrek het. Nou, ek sê dit nie vanweë sy sendingsaamtrek vanaand nie. Maar, dit was reg, ek was aangetrokke tot Joseph. Ek het geweier om na Chicago te gaan, omdat hulle hom nie wou laat kom nie, wou hom nie in medewerking laat inkom nie. Ek het gesê: “Dan gaan ek ook nie.”

Het gesê: “Jy ken hom nie.”

<sup>216</sup> Ek het gesê: “Ek weet ek ken hom nie, maar God ken hom. Hy's God se dienskneg. En, vir my, is hy in orde.”

En so toe het Joseph gesê: “Ek wens ek kon Chicago geskud sien.”

<sup>217</sup> O, goeiste! Besef nie sy skudding bedoel nie daardie kanonvoer daar nie. Dit bedoel nie daardie vuilgoed wat daar vernietig gaan word nie. Die Kerk is aan die skud. Sien? Daar was slegs honderd-en-twintig uit die miljoene, in die bo-kamer, toe die skudding kom. Dis reg. Sekerlik. Dis 'n skudding, is die mense. Die . . .

<sup>218</sup> Kyk, toe hulle daardie groot herlewing gehad het, hierdie Apollos, die Baptiste prediker wat nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, nooit gedoop was in die Naam van Jesus Christus nie. Paulus gaan deur die boonste kuste van Efése, hy kry hierdie magtige kerk waarvan die Bybel praat, en hy het daarheen gegaan en hulle die weg van die Here onderrig. En hulle het gesê . . . Hy het gesê: “Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?” En hulle was aan die uitroep en het 'n wonderlike tyd beleef. Het gesê: “Het julle die Heilige Gees ontvang?”

Gesê: “Ons weet nie of daar een is nie.”

Gesê: “Hoe is julle dan gedoop?”

Hulle het gesê: “Ons is gedoop onder Johannes.”

219 Hy het gesê: “Dit werk nie meer nie. Moet weer oorgedoop word.” En hy het hulle oorgedoop, in die Naam van Jesus Christus. En het sy hande op hulle gelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom. Hulle het in tale gespreek en geprofeteer. En daar was net omtrent agt of tien van hulle. Dis reg.

220 Skudding! Sien, God skud dit nie, hel sal dit skud wanneer dit dit ontvang. Maar God skud Sy Kerk.

221 Een Engel kom na Abraham en sy groep bo-op die berg, en het ’n wonderwerk verrig, deur die gedagtes te onderskei wat in sy hart was. Is dit reg? En Sara aan die binnekant. Waar, die engele wat na Sodom gegaan het, duisende daaronder gehad het. Sien, die skudding kom in die klein groepie. Jy het dit gesien, Joseph. Jy’t Chicago sy laaste oproep sien kry. Dis reg. En God het jou geëer, net presies gedoen wat Hy gesê het. Gereedmaak van die Bruid, dis wat dit is.

222 Nou gaan ons net hier eindig, deur dit te sê. Die end-tyd Boodskap is om die Bruid gereed en voorbereid op die Wegraping, te kry. Wat kon dit doen? Volgens Maleági 4, is bring hulle terug na die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer was. Bring hulle terug na die Geloof van die vaders, die pinksterdeel, in die herstelperiode. “Ek sal herstel, sê die Here.” Dis werklike gebeurtenis, end-tyd evangelisasie.

223 Nou wil ek net hierdie paar woorde sê voor ek afsluit. Ek het die res van hierdie Skrifte oorgeslaan, en kan miskien op ’n keer by hulle uitkom. Maar ek wil dit sê. Ons glo ons is by die endtyd. Ons glo dit. En al lyk dit asof in die endtyd, op hierdie tydstip, dat die Boodskap en Boodskapper beide omtrent gebreek is. Lyk asof Satan sy bes probeer het om ons onder te kry. Broer Neville, sy ongeluk; Broer Crase daar; en geweer wat ontplof. Sien, dit lyk asof, en juis nou wanneer elke kerk duime ondertoe wys vir my. En, sien, sien, dit lyk asof dit—dit net omtrent gebreek is. Lyk of ons verslaan is. Moet julle nie bekommer nie. Julle weet, dis gewoonlik teen daardie tyd wanneer God toetree tot die toneel, van iets wat Hy al vir ’n lang tyd dophou. Julle onthou.

224 Onthou eenmaal was daar ’n paar kinders daar in ’n vuuroond, hulle het getrou gebly aan daardie Woord. Alles het verkeerd geloop. Hulle het hulle in die tronk gegooi. Hulle het hulle oornag gehou, hulle sou hulle die volgende oggend verbrand. En het gelyk asof die einde naby was, hulle het tot reg by die oond gestap. Maar Hy het aangery gekom om te verander, die toneel het heeltemal verander net in ’n oomblik.

225 Dis altyd in daardie swakste oomblikke, wanneer dit lyk asof die ware Boodskap omtrent verslaan is, dis wanneer God toetree. Hy—Hy laat die Boodskap en die boodskapper by die einde van die pad kom, sien, dan kom Hy in en Hy ry die hoë golwe. Dis reg.

<sup>226</sup> Onthou, dit was Jesus, toe Sy vyande gedink het hulle het Hom verslaan, die ongelowige gesê het: “Ons het Hom aan die kruis.” Die Sadduseërs en Fariseërs wat Hom gehaat het en Hom aan ’n kruis gehang het, hulle het gedink: “Ons het Hom nou.” Huh-uh. Dit was omtrent tyd dat God op die toneel ingery het, Hom opgewek het op Paasoggend, en die koninkryke van Satan gebreek het, die hel gestroop het, die sleutels van die dood en die hel geneem het en opgestaan het saam met hulle. Beslis, dit was net op daardie swak oomblik. Sy Boodschap, Hy het die Woord verkondig, Hy het bygestaan, en alles, toe was dit daardie werklike swak oomblik dat toe die oorwinning gekom het. Toe Hy gedoen het alles wat Hy kon doen, toe het God ingekom. Hy het die toneel verander.

<sup>227</sup> Dit was Jakob wat vir Esau weggehardloop het, ontwyk *hierheen* en *daarheen* (daar na...?..., en die verskillendes) om vir Esau te probeer wegkruip. Toe begin sy hart verlang om huis toe te gaan. En op sy pad huis toe, het hy boodskappers gestuur, het hy offerhandes gestuur en wat nog, probeer Esau tot vrede stem. Maar dit was toe Jakob ten einde raad was met homself, dit was toe Jakob nie geweet het waarheen om hom te wend nie. Hy het sy vrou en kinders oorkant die—die water gesit, en hy het weer teruggekeer oor die—die spruit. Dit was toe Jakob heelnag geworstel het, totdat sy krag op was, en hy kreupel geraak het en hy baie swak was, en sy liggaam gebroke was. Dit was op daardie tydstip dat God op die toneel ingery gekom het. Die volgende oggend vind ons hom wat? ’n Vreeslose prins, na sy swakheid. Dit het gelyk of hy verslaan was. Maar ons vind hom ’n vreeslose prins. Die Boodschap het voortgegaan, en die boodskapper was daarby. Dis presies reg. Hy was ’n vreeslose prins die volgende dag.

<sup>228</sup> Esau, selfs, toe hy hom die minste nodig gehad het, Esau, toe hy hom ontmoet het. En onthou, die hele tyd het God terselfdertyd ook aan sy broer se hart gewerk. Dis reg. En Esau kom na hom, het gesê: “Ek het leërs hier.” Gesê: “Aag, jy’s swak, Jakob. Jou liggaam aangetas. Jy’s gebroke.” Het gesê: “Ek—ek—ek... ek sal soldate stuur om jou te beskerm,” juis toe hy hulle nodig gehad het.

<sup>229</sup> Maar hy het iets gevind. Het gesê: “Ek sal alleen gaan.” Amen. Dis toe hy herstel het van daardie swakheid, hy herstel het van daardie skok.

<sup>230</sup> Toe Jesus herstel het van die skok van die dood, was Hy die sterkste, Hy kon deur ’n gebou gaan sonder om eens ’n klei van die steen te beweeg. Hy kon vis en brood eet. Amen. O, ja. Dit was daardie tyd, nadat die swakheid gekom het, dat hy hom sterk bevind het. Dit was nadat swakheid gekom het.

<sup>231</sup> En dit lyk of dit nou heel swak is vir beide Boodschap en boodskapper. Maar moet julle nie bekommer nie! Êrens, ek

weet nie hoe nie, maar ek vertrou Hom. Hy sal ingery kom op die toneel eendag. Moet julle nie bekommer nie. Laat ons saamgaan. Laat ons—laat ons hoofde saam buig. Aand-tyd evangelisasie.

<sup>232</sup> O God, die groot Aandligte het nou vir 'n ruk geskyn. Ons het U daar deur hierdie paadjie sien kom, bring hulle wat slegs skaduwees was van mans en vroue, opgevreet deur kanker, verblind, siek en beproef, dokters van selfs van Mayo's, en oral het hulle opgegee. Nou sit hulle hier vanmôre, en baie van hulle gesond en sterk. Nie slegs hier nie, maar die wêreld oor. Vroue het hulle kinders ontvang, weer opgewek tot lewe, na vir ure dood gewees het. Kinders gedood op die pad, deur motorkarre, as "dood" verklaar en uitgelê, nie 'n ongeskonde been in hulle nie, en binne 'n minuut met die pad langs loop, God aan die prys. Ja, Here, U is God. Die aandtyd is hier. Die aand-evangelisasiesaad is gesaai, Vader, en nou lyk dit asof dit soort van 'n kreupeltyd beleef. Baie van hierdie . . .

<sup>233</sup> Toe U die eerste keer op die toneel gekom het in U dispensasie: "Daardie jong profeet van Galiléa!" hulle almal. O, hulle het almal om U vergader. Maar toe U na hulle begin slaan en hulle vertel van hulle geloofsbelydenisse en—en dinge, toe het hulle van U af weggegaan. U moes alleen staan. En uiteindelik het hulle U na Golgóta geneem. Dit het gelyk asof hulle gewen het, gelyk asof hulle—hulle groot intellektuele groep die saak van God verslaan het. Maar, o, nee! Op Paasoggend het die aarde 'n senuweeagtige rilling beleef, het die graf oopgegaan en het die Seun van God opgestaan. Hy het die sleutels van die dood en die hel gehad. Hy het die doop van die Heilige Gees toe binne Sy reg om te gee, gehad. Hy het vir Sy Kerk gesê: "Gaan op na Jerusalem en wag julle, en Ek sal Dit op julle stuur, en dan sal julle van My getuig tot Ek weer kom."

<sup>234</sup> En toe het U gestaan en vir hulle gesê hoe die tyd sou wees, en hier is ons in die endtyd. Here, kom ry weer in, sal U nie, Vader? Ons raak moeg, vermoed. Mense het ons weggewys van oral af, die denominasies is almal duime ondertoe. In Kalifornië daar, daardie kosbare heiliges staan en roep daar, veertig kerke, en daardie een leier het opgestaan en gesê: "Wel, as hy doop, die Naam van die Here Jesus gebruik, wil ons hom nie hê nie." En het die Evangelie weggekeer van daardie arme honger mense.

<sup>235</sup> En, Vader, ek het gesê: "Kom ontmoet my met die Skrif," en hy wou dit nie doen nie. Waarom? Hy weet van beter. Vader, waarom—waarom het die heidene geraas en die mense 'n ydel ding verbeel? Waarlik deur die hand van U Heilige Kind Jesus uit te strek, om die siekes te genees, en tekens en wonders van die einde te vertoon. Dit word herhaal, Here. Ek bid vir hulle.



God, moenie dat hulle weggewerp word nie. Hulle is baie van hulle nog goeie mense daarbinne. Gee, Here, dat hulle sal sien en uitkom.

<sup>236</sup> En ons klein gemeente vanmôre, Vader, ons ken nie die harte van die mense nie. U ken dit. Hierdie klein groepie hier. Ek gaan reg daarheen, in elk geval. En nou voor ons die kerk verlaat, Here, hierdie groepie wat hier vertoef, hulle is pelgrims. Hulle gee nie voor om van hierdie wêreld te wees nie, Here. Hulle is 'n vreemdeling. Hulle is wedergebore, hulle is nuwe skepsels. Hulle het gekom van die dinge van die wêreld, om God te dien, in die wete dat: "Ons smag nie na hierdie wêreld se ydele rykdom wat so vinnig verrot nie. Ons het ons hoop gevestig op dinge wat Ewig is, hulle sal nooit verbygaan nie."

<sup>237</sup> Hemelse Vader, as daar toevallig een of meer sou wees tussen ons vanmôre wat nooit 'n gevoel gehad het dat hulle daardie draai behoort te maak nie, bid ek U sal tot hulle harte spreek op hierdie tydstip. En mag hulle sag en nederig, en hulle harte, net alles aan U oorgee, en sê: "Here Jesus, wees my, 'n sondaar, genadig. Ek wil nie sterf in die toestand waarin ek nou is nie. En deur nie te weet dat ek sal leef selfs deur die dag nie, is dit dan nie dwaas om my tyd op wêreldse dinge te verkwis nie!" En alles hier sal vergaan, en die mense sal saam met die wêreld vergaan. Maar God, die Ewige Vader, kan nie vergaan nie, ook nie Sy mense nie. Mag hulle Dit nou aanvaar, ons Hemelse Vader.

<sup>238</sup> Heilig hierdie sakdoeke wat hier lê vir die siekes en beproefdes. Hulle het gesê hulle het geneem van die liggaam van Paulus, sakdoeke en voorskote, bese geeste het van hulle weggegaan. Genees die siekes wat vanmôre in ons midde is. Ek bid dat daar nie 'n swak persoon onder ons sal wees nie.

<sup>239</sup> Mag die groot Heilige Gees nou oor die gehoor beweeg, en mag elkeen Sy Teenwoordigheid besef. En soos ek aan die begin aangehaal het, wanneer 'n storm aan die opkom is op 'n droë somersdag, die winde uitdorrend en warm was, die stof gewaai het, maar, ewe skielik, kan ons donderweer hoor, kan ons die wolk sien opkom. En ek het gesê die rooi sinjaal is af, Hy kom. En ons voel die koel bries, die verwelkoming van die Heilige Gees soos Dit oor ons verdorde plekke beweeg. Help ons vandag. Red die verlorene. Vervul met die Heilige Gees, Here, spoedig, voor die ligte uitgaan, want die sinjaal is alreeds af. Die ou skip van Sion is nou in die blokke, en dit gaan nie lank wees, voordat sy gaan roep nie. En, ewe skielik, sal hulle 'n koerant uit hê: "Wat het gebeur? Honderde mense regoor die nasie het verdwyn."

<sup>240</sup> O God, dan is dit te laat vir die res van hulle, die Wegraping het gekom. Die oordeel sal die aarde tref, die regverdige sal weg wees. Dan sal hulle na die begraafplase gaan, en sê: "Wel,

was nie. . . Het hulle hierdie graf oopgemaak? Wel, wat het hier gebeur?” O, daardie een wat op God vertrou het, wat jare gelede oorlede is, sal al klaar weg wees. “Dan, o, watter geweene gekerm wanneer die verlorene van hulle lot vertel word. Hulle sal na die rotse en die berg roep,” volgens die Skrifte: “bid, maar gebede is te laat.” Mag dit nie so wees met enigeen wat vandag hier teenwoordig is nie.

<sup>241</sup> En terwyl ons ons hoofde gebuig het, ons harte ook gebuig. Ek’s ’n baie snaakse persoon oor mense na altare nooi, ek glo dis nie apostoliese doktrine nie. Ek glo reg waar jy sit, neem jy jou besluit, of jy werklik wil lewe of sterwe. Ek glo dit hang van jou af. En as daar iemand hier is wat dit nooit tevore werklik presies so gesien het nie, en die uur waarin ons is, besef, en jy sou net wou hê ek moet in gebed aan jou dink, dat jy ’n Christen wil word, en jy wil soos Christus wees in jou lewe en gereed wees vir Sy koms, sal julle net julle hande opsteek oral in die gebou rond. Die Here seën jou, en seën jou, en seën jou, en jou, en jou. God seën julle daar aan die agterkant, seën julle hier. Dis mooi. God seën jou, jongdame, reg by die kruispaai van die lewe, suster. Dis ’n groot besluit. Julle het dalk al gedoen ’n klomp groot. . . God seën jou, pa. Ja, jy kon dalk al ’n menigte swaar dag in jou lewe gewerk het, ook, en ’n kindjie grootgemaak het. Ma, jy wat by haar sit. O God! Miskien het jy jou familie grootgemaak en baie groot dinge gedoen, die baba se wange gestreel toe sy gehuil het, die wiegie gewieg het met jou jong hande, nou’s hulle oud en swak. Jy het miskien die baba gewieg en vele goeie dinge gedoen, maar die beste ding wat jy ooit gedoen het, was toe jy jou hand toe opgesteek het. Hy het jou gesien. Verskoon my, asseblief.

<sup>242</sup> Ons Hemelse Vader, U het die hande gesien. U weet wat agter hulle was. Nou is hulle trofeë van hierdie byeenkoms. Hulle is trofeë van die Boodskap. U het gesê: “Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom, en niemand kan kom, tensy My Vader hom eers trek nie.” En U het tot hierdie mense gespreek. En hulle het daar gesit, en volgens die wetenskap kon hulle nie. . . hul hande is veronderstel om af te bly, want gravitasie hou hulle onder. Maar hulle het die wette van die wetenskap gebreek en getrotseer. Hulle het ’n Gees in hulle gekry wat die hand opgelig het, wat teenstrydig met wetenskap is, omdat die Gees daarbinne wetenskap kan breek. En hulle het hulle hand opgesteek omdat daar ’n Gees van God om hulle heen was, wat gesê het: “Jy’s. . . jy het Christus nodig.” En hulle het hulle hande opgesteek: “Dink aan my, O Here.”

<sup>243</sup> Soos die sterwende dief aan die kruis, het gesê: “Dink aan my wanneer U in U Koninkryk kom.”

<sup>244</sup> En wat het U vir hom gesê? “Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.”

<sup>245</sup> En ek bid Vader, dat hierdie einste dag, dat U sal opneem in U Koninkryk, in U gemeenskap hier op aarde, elkeen van hierdie gelowiges, en hulle goedgesind sal wees. Jesus, U het gesê, toe U hier op aarde was, in Johannes 5:24: “Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe; en sal nie na die oordeel kom nie, hulle sal nie daar wees wanneer die oordeel die aarde tref nie, maar hulle het van die dood na die Lewe oorgegaan.” U het dit belowe, Here. Ek eis hulle. En nou aan almal wat hulle hande opgesteek het, en selfs hulle wat in hulle hart geglo het hulle moet, en nie het nie, ek gee hulle aan U vanmôre, Vader, as trofee van die genade van Jesus Christus en van Sy Woord wat ons vanmôre verkondig het. Hulle is Uwe. Hou hulle veilig, Here, tot op daardie dag. En mag hulle soos babas groei. Mag die waters hier in die poel hulle vind, waar hulle hulle sondes bely het, uitgesteek het, synde begrawe in Christus, om weer op te staan tot ’n nuwe lewe, om te wandel in ’n nuwe wêreld, wandel met nuwe metgeselle, wandel in nuwe geselskap, wandel met engele, wandel in die Teenwoordigheid van die Bonatuurlike. Daardie dinge wat hulle nie rondom hulle kan sien nie, maar hulle voel en weet dat hulle daar is. Hulle is die blywende dinge, die Bonatuurlike is die blywende. Ons gee hulle aan U Vader, in Jesus se Naam. Amen.

<sup>246</sup> Nou, ek’s jammer om julle ’n bietjie oor die tyd te gehou het, en ek is seker dat julle . . . Voel julle goed? Nou die diens, partymaal moet ek sny en druk. Nou aan julle wat julle hande opgesteek het en glo aan die Here Jesus, hulle sal doopdiens hê, veronderstel ek, vanaand. Of, ja, ek dink die poele is gevul as julle dit sommer nou wil hê, en die kledingstukke, ensovoorts, is gereed. As julle graag sommer nou gedoop wil word, enige tyd, ons is maar net hier om dit te doen. En nou na gesny en gesaag . . .

<sup>247</sup> Ons—ons bedank julle vreemdelinge in ons poorte, om te kom gemeenskap hou saam met ons vanmôre rondom die Woord van God, ons waardeer dat julle gekom het. Die Here seën julle. So bly julle was hier.

<sup>248</sup> Ek sien ’n vriend van my sit agter in die gebou hier, wat ek vir ’n lang tyd nie gesien het nie. Ek ken nie eens die seun se naam nie. Hy’s ’n goeie vriend van my. Hy’s ’n neef van ’n meisie met wie ek altyd uitgegaan het, Marie Francisco. Ek kan nie dink aan wie of wat sy naam is nie. Sal jy jou hand opsteek? Ons is bly om jou daar te sien sit en God seën jou. Daardie seun was vir baie jare ’n Christen. En ek’s . . .

<sup>249</sup> My vriend hier, Jim Poole, hoeveel het my ooit Jim Poole hoor noem, ’n seunsdae-vriend, sy seun en vrou.

<sup>250</sup> En Donny, ek kan nie aan sy van dink nie. Gard—Gard, Donny Gard en sy lieflike vroutjie hier. Hulle was gister tuis om my te besoek. So bly om hulle vanmôre in te hê.

<sup>251</sup> En ek meen dis 'n vreemde broer wat net hier by Broer Way sit. En, o, so, net hier, dalk is ek verkeerd, en ek soms vergeet ek gesigte. En ek's bly om julle almal vanmôre hierbinne te hê.

<sup>252</sup> En nou, voor ons weggaan, na die sny. . . En julle weet, die Bybel het gesê die Woord van God. . . soos daardie besluit, 'n steen maak, maar jy moet 'n klipkapper hê om dit uit te kap, om dit sy vorm te gee. Sien? En Hebreërs die 4de hoofstuk het gesê: “Die Woord van God is skerper en kragtiger as 'n tweesnydende swaard.” Dit sny, besny, sny die surplus weg. “Selfs 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart,” die Woord van God. En Dit sny.

<sup>253</sup> Nou, net ter aanbidding, laat ons net my gunsteling ou liedjie sing, een van my gunsteling: “Ek het Hom lief, ek het Hom lief.” Hoeveel het Hom werlik lief? Ek gee nie om of jy 'n Christen is of nie, sê jy “Ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het.” Laat ons dit nou saam sing, almal tesame.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief  
Omdat Hy my eerste liefgehad het  
En my verlossing gekoop het  
Op Gólgota se boom.

<sup>254</sup> Hou julle nie daarvan nie? Laat ons dit weer sing. Terwyl julle dit doen, skud hande met iemand om jou. Moenie opstaan nie, sê net: “God seën jou, broer,” iemand by jou rond, sodat julle, almal waarlik welkom voel. Dis ons verwelkoming hier by die tabernakel, van my, elkeen van julle. Goed.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief  
God seën jou, broer.

Omdat Hy my eerste liefgehad het  
En my verlossing gekoop het  
Op Gólgota se boom.

<sup>255</sup> Laat ons ons hoofde buig wanneer ons dit neurie. [Broer Branham en gemeente begin neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.] Nou steek jou hand na Hom toe op, heel gemaklik. [Gaan voort om *Ek Het Hom Lief* te neurie.] Nou, is Hy nie wonderlik nie? Ja.

<sup>256</sup> [’n Broer spreek in ’n ander taal. Broer Branham verpoos—Red.] Net werklik eerbiedig net ’n oomblik.

Jesus het gesê: “Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In nuwe tale sal hulle spreek. As hulle ’n slang sou optel, of ’n dodelike ding drink, sou dit hulle nie kwaad doen nie, want ’n ongeluk of ’n ontploffing sal hulle nie skaad nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.”


Wag julle net ’n minuut, kyk of ’n interpretasie kom hiervoor. As die vreemdelinge in ons poorte is, ons wag om te sien wat die Here vir ons sal sê deur hierdie boodskap.

[’n Broer gee ’n interpretasie—Red.] Die interpretasie. Amen. Dis die interpretasie van wat hierdie man gesê het. Aan die persone hier wat dalk nie weet wat dit is nie, Dis die Gees. Dit gebeur dikwels in die tabernakel, gee ’n boodskap aan die mense.

Laat ons bid.

<sup>257</sup> Hemelse Vader, ons dank U hiervoor, nie geweet dat iemand êrens, dat U êrens tot ’n hart gespreek het en Dit het weer teruggeroep, selfs in die afsluitingsboodskap, het Dit gesê, het hulle U “kinders” genoem, omdat U na hulle geroep het, en miskien was hulle gereed gewees om weg te stap sonder om U te ontvang. Hierdie, die boodskap kom weer. So ons bid, Hemelse Vader, dat U ’n groot deel van U Gees sal skenk op wie ook al die persoon mag wees. U het nooit hulle naam genoem nie, U het net gespreek. En so, Vader, dalk is dit hoe U dit wil hê. En ons bid net, Vader, dat U dit sal skenk aan hierdie persoon of hierdie persone, wie hulle ook al mag wees, dat dit dalk kom daar by die finale oproep. Ek bid, Vader, dat dit nie is nie, maar vanmôre, as hulle Dit sal ontvang en met hulle hele hart glo, nadat hulle die Boodskap gehoor het soos U gespreek en gesê het, en mag hulle Dit dan ontvang met beker na bo, om die Gees te ontvang. Mag hulle opstaan en gedoop word in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van hulle sondes, en mooi met die Heilige Gees vervul word, en in ’n lewe van diens en geluk ingelei word. Ek dra dit nou aan U op, Vader, en die gemeente, in Jesus se Naam. Amen.

<sup>258</sup> Hierdie boodskappe spreek somtyds, iemand, ons weet nie wie hulle is nie. Somtyds sê hulle wie hulle is, maar sommer net iemand hierbinne wat dalk net begin wegbeweeg het Daarsonder. En wanneer julle dit doen, onthou, dis die Heilige Gees wat in ’n taal spreek wat dit sommer bietjie inspirasie vat; dieselfde wat dit gespreek het, dieselfde om dit te interpreteer. Nou, onthou wat ek pas klaar gelees het: “Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.” Sien, dis te midde van gelowiges. Ons glo nie dat alle mense dit hoef te doen nie. Ons glo dit val in die kerk tussen die mense. Somtyds kom mense hier, het nooit tevore van so-iets gehoor nie, en die Heilige Gees val op hulle en gee ’n boodskap, en genees mense wat daar sit wat sterwend is aan kanker, en allerhande soorte siektes en dinge, gaan weer reg terug. Dis die Heilige Gees tussen Sy mense.

<sup>259</sup> Het julle Hom lief? Amen. Ek het Hom ook lief. Ons hoop om julle vanaand te sien. En nou Broer Neville, ek sal die diens aan Broer Neville oorgee, ons pastoor. Goed. 

*DIE END-TYD EVANGELISASIE* AFR62-0603

(The End-Time Evangelism)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 3 Junie 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE  
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

[www.branham.org](http://www.branham.org)

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middel om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare materiaal, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.  
[www.branham.org](http://www.branham.org)